



2024/25

Jukskei SA

STATUTE

REGISTRASIENOMMER / REGISTRATION NUMBER

2004/000166/08


Ingelyfde Vereniging sonder Winsoogmerk / Incorporated Nonprofit Assosiation

Jukskei : Suid-Afrika se Sport vir Almal / South Africa's Sport for All

INHOUD / INDEX

NR	ARTIKELBESKRYWING	ARTICLE DESCRIPTION	
1	TITEL, STATUS EN GRONDSLAG	TITLE, STATUS AND FOUNDATION	4
2	TYDPERK DEFINISIES EN TERMINOLOGIE	PERIOD DEFINITIONS AND TERMINOLOGY	5
3	DOELWITTE VAN JUJSKEI SUID-AFRIKA	OBJECTIVES OF JUJSKEI SOUTH AFRICA	7
4	ONDERLIGGENDE WAARDES	UNDERLYING VALUES	7
5	ONDERWORPENHEID AAN HIERDIE STATUTE	SUBMISSION TO THIS STATUTE	8
6	AMPTELIKE SETEL EN HOOFKANTOOR	OFFICIAL SEAT AND HEAD OFFICE	8
7	REGSTATUS	LEGAL STATUS	8
8	TAAL	LANGUAGE	9
9	LIDMAATSKAP	MEMBERSHIP	9
10	DEELNEMERS	PARTICIPANTS	17
11	JUJSKEI SUID-AFRIKA	JUJSKEI SOUTH AFRICA	18
12	DIE ALGEMENE JAARVERGADERING (AJV)	THE ANNUAL GENERAL MEETING (AGM)	19
13	BUITENGEWONE ALGEMENE VERGADE- RING	SPECIAL GENERAL MEETING	23
14	PRESIDENTSRAAD	PRESIDENT COUNCIL	24
15	DIE UITVOERENDE BESTUUR VAN DIE DIREKSIE	THE EXECUTIVE OF THE BOARD	25
16	DIE DIREKSIE	THE BOARD	26
17	KOMITEES	COMMITTEES	26
18	JUJSKEI SA FINANSIES	JUJSKEI SA FINANCE	27
19	TOEKENNINGS	AWARDS	28
20	JUJSKEIMUSEUM	JUJSKEI MUSEUM	30
21	INTERNASIONALE DEELNAME	INTERNATIONAL PARTICIPATION	30
22	JUJSKEI SA KOMMUNIKASIE	JUJSKEI SA COMMUNICATION	31
23	JUJSKEISPEELREËLS	JUJSKEI PLAYING RULES	32

24	TUGPROSEDURE	DISCIPLINARY PROCEDURE	32
25	WYSIGING VAN STATUTE	AMENDMENT OF RULES	32
26	ONTBINDING VAN JUJSKEI SA	DISSOLUTION OF JUJSKEI SA	33
	REGLEMENTE	REGULATIONS	
A	Tugprosedure	Disciplinary Procedure	
B	Gedragkode	Code of Conduct	
C	Speelreëls	Playing Rules	
D	Spelers met Gestremdhede	Players with Disabilities	
E	Etiket-, Gedrag en Toerustingspesifikasies	Etiquette-, Behaviour and Equipment Specifications	
F	Transformasie Manifes	Transformation Manifesto	
G	Dwelmgebruik	Drug Use	
H	Afrigting	Coaching	
I	Akademie	Academy	
J	Deelname	Participation	
K	Direksie	Board	
L	Finansies	Finance	
M	Juniors	Juniors	
N	Korporatiewe Kommunikasie	Corporate Communication	
O	Skeidsregters	Umpires	
P	Ontwikkeling	Development	
Q	Deelnemerskommissie	Participants Commission	

1	TITEL, STATUS, GRONDSLAG EN TYDPERK	TITLE STATUS, FOUNDATION AND PERIOD
1.1	Titel Die Statute van die Suid-Afrikaanse Jukseiraad (hierna die Raad), bekend as Jukseï Suid-Afrika (JSA).	Title The Statute of the South African Jukseï Board (hereinafter the Board), known as Jukseï South Africa (JSA).
1.2	Status	Status
1.2.1	Hierdie Statute sal verklaar word in ooreenstemming met die gebruikelike betekenis van die woorde gebruik in Tabel A, Bylae 1 van die Maatskappywet Nr. 61 van 1973 soos gewysig.	These Rules will be declared in accordance with the usual meaning of the words used in Table A, Annexure 1 of the Companies Act No. 61 of 1973 as amended.
1.2.2	Die genoemde Tabel A word egter nie beskou as ingelyf by hierdie Statute nie en sal nie op hierdie Maatskappy van toepassing wees nie. a) Dit is ook onderhewig aan die Wet op Sake-ondernemings sonder Winsoogmerk (SWO), Wet 71/97.	The said Table A is however not regarded as incorporated in this Statute and shall not be applicable to this Company. a) It is also subject to the Businesses Act Nonprofit (CA), Act 71 / 97.
1.2.3	Alle vaste eiendom, huurkontrakte, aandele, ander sekuriteite, fondse en bates van Jukseï SA, vestig in Jukseï SA en word in die naam van Jukseï SA geregistreer.	All real estate, leases, stocks, other securities, funds and assets of Jukseï SA, are established in Jukseï SA and registered in the name of Jukseï SA.
1.3	Grondslag	Foundation
1.3.1	Die Suid-Afrikaanse Jukseiraad is gestig op 25 Oktober 1940 te Bloemfontein.	The South African Jukseï Board was founded in Bloemfontein on October 25, 1940.
1.3.2	Die Raad is gestig met die volgende Unies as lede: Vrystaat, Westelike Provinsie, Grens, Noordoos Kaap, Transvaal, Natal en Griekwaland Wes.	The Council was established with the following Unions as members: Free State, Western Province, Border, North Eastern Cape, Transvaal, Natal and Griqualand West.
1.3.3	Tans bestaan Jukseï SA uit 9 Provinsies (verdeel in 52 distrikte en metrorade) as geregistreerde lede.	Nowadays Jukseï SA consists of 9 Provinces (divided into 52 districts and metro councils) as registered members.
1.3.4	Die Embleem van Jukseï SA is in 2004 amptelik in gebruik geneem om by die modernisering van die beeld van die sport aan te pas.	The Emblem of Jukseï SA was officially taken in use in 2004 to adapt to the modernization of the image of the sport.
1.3.5	Die Embleem is herhaldies goedgekeur op 4 Desember 1998.	The Emblem was heraldically approved on December 4, 1998.
1.3.6	Die Embleem van Jukseï SA bestaan uit: a) Die vorm van 'n skild met 'n donkergroen agtergrond. b) 'n Geel Koningsprotea in die middel in die boonste derde van skild. c) Twee goue skeie wat mekaar kruis onder die protea.	The Emblem of Jukseï SA consists of: a) The shape of a shield with a dark green background. b) A Yellow King Protea in the middle in the top third of shield. c) Two gold skeys that intersect under the protea.
1.3.7	Die woorde JUKSKEI SA is op 'n balkie onder die Embleem aangebring.	The words JUKSKEI SA are affixed on a bar below the emblem.
		

1.4	Tydperk	Period
1.4.1	Jukskei SA is gestig vir 'n onbeperkte periode.	Jukskei SA was established for an unlimited period.
2	DEFINISIES EN TERMINOLOGIE	DEFINITIONS AND TERMINOLOGY
	Vir die doel van hierdie Statute word die volgende definisies en terminologie in Artikel 2 gespesifiseer, sodat geen onduidelikheid oor die betekenis daarvan bestaan nie.	For the purpose of this Statute, the following definitions and terminology are specified in Article 2 , so that no uncertainty about its meaning exists.
	a) Sonder om enigsins afbreuk te doen aan die bepalings van Artikel 1 , is die volgende begrippe alfabeties georden en word soos volg verklaar, tensy dit uit die samehang anders blyk:	a) Without in any way detracting from the provisions of Article 1 , the following terms are arranged alphabetically and are defined as follows, unless the context indicates otherwise:
2.1	Algemene Jaarvergadering (AJV) sal beteken die jaarlikse vergadering behoorlik belê deur Jukskei SA kragtens Artikel 12 .	Annual General Meeting (AGM) means the annual meeting duly convened by Jukskei SA under Article 12 .
2.2	Assosiaat Liggaam sal beteken 'n organisasie wat jukskei nasionaal bedryf buite Provinsiale en dirstiksverband (byvoorbeeld SA Nasionale Weermag, Polisie en Telkom).	Associate Body will mean an organization operating jukskei nationally outside Provincial and district context (eg SA National Defence Force, Police and Telkom).
2.3	Beampte 'n Afrigter/Spanbestuurder/Keurder/Skeidsregter/Bestuurslid wat Jukskei SA in 'n amptelike hoedanigheid verteenwoordig.	Official A Coach/Team Manager/Selector /Umpire/Member of Management who represents Jukskei SA in an official capacity.
	a) Alle Beamptes is geaffilieerde en geregistreerde lede van Jukskei SA soos bepaal deur die Direksie.	a) All Officials are affiliated and registered members of Jukskei SA as determined by the Board.
2.4	Direksie sal beteken die President en Vice-Presidente asook verkose Direkteure om Jukskei te bestuur.	Board shall mean the President and Vice-Presidents as well as elected Directors to manage Jukskei.
2.5	Distrik sal beteken die geo-politiese eenhede wat in die verskillende provinsies ressorteer. SA bestaan uit 52 distrikte/metropole.	District will mean the geopolitical units that fall in the various provinces. SA consists of 52 districts/metropolises.
2.6	Geaffilieer sal beteken 'n Provinsie/instansie wat affiliasiegeld aan Jukskei SA betaal het en daarom stemgeregtig is tydens die Algemene Jaarvergadering.	Affiliated will mean a Province/institution that has paid affiliation fees to Jukskei SA and is therefore entitled to vote at the Annual General Meeting.
2.7	Geregistreer sal beteken 'n speler of beampte wat registrasiegeld betaal het om deel te neem aan 'n spesifieke geleentheid of as registrasie vir 'n bepaalde tydperk.	Registered will mean a player or official who has paid registration fees to participate in a particular event or as registration for a specified period.
2.8	Grondwet sal beteken die bepalende dokument van die instansie [Provinsie (insluitend Distrikte in Provinsies) en Geassosieerde Liggaam] wat goedgekeur is tydens 'n Algemene Jaarvergadering van daardie instansie.	Constitution would mean the defining document of the institution [Province (including Districts in Provinces) and Associated Body] which was approved at an Annual General Meeting of that body.

2.9	Internasionale Jukskei Federasie (IJF) is die liggaam wat Jukskei op internasionale vlak ontwikkel en uitbou soos neergelê in Artikel 24 .	International Jukskei Federation (IJF) is the body that develops and expands Jukskei internationally as laid down in Article 24 .
2.10	Jukskei sal beteken die spel wat ooreenkomstig die reëls vasgelê ingevolge die bepalings van Reglement C , gespeel word.	Jukskei will mean the game played according to the rules established under the provisions of Regulation C .
2.11	Jukskei SA sal beteken die hoogste gesag van Jukskei in Suid-Afrika wat bestaan uit alle lede, Erelede en die Direksie wat vergader tydens die Algemene Jaarvergadering (sien Artikel 11).	Jukskei SA will mean the highest authority of Jukskei in South Africa, consisting of all members; Honorary Members and the Board of Directors who meet at the Annual General Meeting (see Article 11).
2.12	Junior verwys na enige deelnemer tot en met die ouderdom van 18 jaar.	Junior refers to any participant until the age of 18 years.
2.13	Klub sal beteken die groep spelers wat as eenheid by Distrikte in Provinsies geaffilieer is volgens die kriteria wat deur die Deelname Reglement neergelê is (sien Artikel 10).	Club will mean the group of players affiliated as a unit at Districts in Provinces according to the criteria laid down by the Participation Regulation (see Article 10) .
2.14	Komitees sal beteken die Komitees wat deur die Algemene Jaarvergadering/ Uitvoerende Bestuur/Direksie as Subkomitees van Jukskei SA saamgestel word. Hierdie Komitees neem verantwoordelikheid vir spesifieke portefeuljes en/of funksies, soos omskryf in Artikel 17 .	Committees will mean the Committees appointed by the Annual General Meeting /Executive/Board as Subcommittees of Jukskei SA. These Committees take responsibility for specific portfolios and/or functions, as defined in Article 17 .
2.15	Lid/lede sal beteken 'n geaffilieerde Provinsie, instansie, Assosiaat Liggaam of geregistreerde lid van 'n Provinsie.	Member/Members will mean an affiliated Province, institution, Associate Body or registered member of a Province.
2.16	Presidentsraad sal beteken enige vergadering behoorlik belê deur Jukskei SA waar Presidente van Provinsies en ander verteenwoordigers saam met die Direksie vergader kragtens Artikel 14 .	President's Council will mean any meeting duly convened by Jukskei SA where Presidents of Provinces and other representatives meet with the Board under Article 14 .
2.17	Provinsies sal beteken enige provinsie wat by Jukskei SA en Provinsiale Sport Konfederasie geaffilieer is. Provinsies sal beteken die samestelling van distrikte in groter subeenhede soos bepaal deur die geo-politiese provinsiale indeling van SA.	Provinces will mean any province that is affiliated with Jukskei SA and Provincial Sports Confederation . Provinces will mean the composition of districts in larger subunits as determined by the geopolitical provincial division of SA.
2.18	Raad beteken die Suid-Afrikaanse Jukskeiraad (SAJR), korporatief ook bekend as ' Jukskei SA (JSA) ' (sien Artikel 11).	Board means the South African Jukskei Board (SAJB), corporatively also known as ' Jukskei SA (JSA) ' (see Article 11).
2.19	Reglement sal beteken die pligte en verantwoordelikhede van die Komitees met die bepalings van JSA as riglyn.	Regulation will mean the duties and responsibilities of the Committees with the provisions of JSA as a guideline.
2.20	Spel beteken die jukskeispel soos dit gespeel word.	Game means the game jukskei as it is played.
2.21	Speler beteken 'n geaffilieerde lid wat die spel beoefen.	Player means an affiliated member who plays the game.
2.22	Statuut beteken hierdie dokument en artikels met onderliggende klousules asook die Reglement insluit, wat deur 'n Algemene	Statute means this document and articles containing underlying clauses as well as the Regulations, which are approved by an

	Jaarvergadering goedgekeur word kragtens Artikel 12.	Annual General Meeting in accordance with Article 12.
	a) Die Statute is bindend tot alle geaffilieerde instansies.	a) The Statute is binding to all affiliated organizations.
2.23	Uitvoerende Bestuur sal beteken die President, twee Vice-Presidente, Direkteur Administrasie en ad-hoc gekoöpteerde lede van die Direksie van Jukskei SA wat saamgestel is soos uiteengesit in Artikels 15 en 16.	Executive shall mean the President, two Vice-Presidents, Director of Administration and ad-hoc co-opted members of the Board of Jukskei SA composed as set out in Articles 15 and 16.
2.24	Verteenwoordiger sal beteken 'n persoon wat 'n geaffilieerde lid van 'n geaffilieerde instansie is en wat behoorlik gemagtig is as afgevaardigde, om 'n instansie op 'n Algemene Jaarvergadering te verteenwoordig en sluit nie 'n lid van die Direksie in nie.	Representative shall mean a person who is an affiliated member of an affiliated institution and who is duly authorized as a delegate, to represent an institution at an Annual General Meeting and does not include a member of the Board.
3 DOELWITTE VAN JUKSKEI SUID-AFRIKA OBJECTIVES OF JUKSKEI SOUTH AFRICA		
3.1	Die doelwitte waarvoor Jukskei SA gestig is, is om:	The objectives why Jukskei SA was founded, are:
3.1.1	die sport Jukskei in Suid-Afrika te bestuur;	managing the sport Jukskei in South Africa;
3.1.2	erkenning aan Jukskei te bevorder;	to promote recognition of Jukskei;
3.1.3	die sport Jukskei as 'n Presisie gooi-sport te bevorder;	to promote the sport Jukskei as a Precision throwing sports;
3.1.4	deur die handhawing, ontwikkeling en toepassing van die speelreëls te verseker dat Jukskei volgens goedgekeurde reëls beoefen word;	by the enforcement, development and application of playing rules to ensure that Jukskei is practised according to approved rules;
3.1.5	die kwaliteite van Jukskei te promoveer;	to promote the quality of Jukskei;
3.1.6	nasionale deelname te organiseer;	to organize national participation;
3.1.7	internasionale deelname te bevorder en te poog om die voorste Jukskeispelende land in die wêreld te bly;	promote international participation and try to stay the top Jukskei playing country in the world;
3.1.8	geleenthede en fasiliteite as vertoonvensters vir Jukskei te bestuur;	manage opportunities and facilities as showcases for Jukskei;
3.1.9	ontwikkelingsgeleenthede vir die totale spektrum te skep;	to create development opportunities for all sectors;
3.1.10	Jukskei deur opleiding en navorsing te bevorder;	promote Jukskei through training and research;
3.1.11	deur navorsing Jukskei in al sy fasette te ontwikkel en te verbeter;	develop and improve Jukskei in all its facets through research;
3.1.12	gelyke geleenthede op alle vlakke van deelname te skep;	to create equal opportunities at all levels of participation;
3.1.13	sosiale verantwoordelikhede deur die beoefening van Jukskei te ondersteun;	support social responsibilities by playing Jukskei;
3.1.14	goeie korporatiewe bestuurspraktyke te handhaaf;	maintaining good corporate governance practices;
3.1.15	die groei van Jukskei aan te moedig.	to encourage growth of Jukskei.
4 ONDERLIGGENDE WAARDES UNDERLYING VALUES		
4.1	Jukskei SA onderneem om die volgende onderliggende waardes na te streef:	Jukskei SA undertakes to pursue the following underlying values:
4.1.1	Uitnemende sportbelewering	Exceptional sports experience
4.1.2	Respek vir diversiteit	Respect for diversity

4.1.3	Geleentheid vir groei	Opportunity for growth
4.1.4	Innovering	Innovation
4.1.5	Uitstekende prestasie	Excellent performance
5	ONDERWORPENHEID AAN HIERDIE STATUTE	SUBMISSION TO THESE STATUTORY RULES
5.1	Lede van Jukskei SA is verantwoordelik om die inhoud van die Statute te onderskryf.	Members of Jukskei SA are responsible for endorsing the content of the Statute.
5.2	Alle grondwette van geaffilieerde instansies is onderworpe aan hierdie Statute.	All constitutions of affiliated institutions are subject to this Statute.
5.3	Die Direksie mag van tyd tot tyd riglyne uitreik om die inhoud van die Statute te implementeer.	The Board may from time to time issue guidelines to implement the content of the Statute.
5.4	Lede sal alle besluite wat deur die Algemene Jaarvergadering goedgekeur en bekragtig is, gehoorsaam en uitvoer in die belang van Jukskei soos gereflekteer in hierdie Statute.	Members will obey and execute all resolutions passed and ratified by the Annual General Meeting, in the interest of Jukskei as reflected in this Statute.
5.5	Indien enige lid/lede hul van wangedrag of oortreding van die Statute (in die geheel of enige Artikel/Klousule in besonder) skuldig maak, sal die tugproses soos uiteengesit in Reglement A – Tugprosedure gevolg word.	If any member is guilty of misconduct or violation of the Statute (as a whole or any Article/Clause in particular), the disciplinary process as set out in Regulation A – Disciplinary Procedure will be followed.
6	AMPTELIKE SETEL EN HOOFKANTOOR	OFFICIAL SEAT AND HEAD OFFICE
6.1	Die geregistreerde Kantoor van Jukskei SA setel by die woon- en posadres van die Direkteur Administrasie.	The registered Office of Jukskei SA is seated in the residential- and postal address of the Director of Administration.
6.2	Die Sentrale Jukskeisentrum van Jukskei SA is geleë te Jukskeipark, Hillstraat, Kroonstad.	The Central Jukskei Centre of Jukskei SA is located at Jukskei Park, Hill Street, Kroonstad.
6.3	Alle Suid-Afrikaanse Kampioenskappe/Toernooie van Jukskei SA, tensy die Direksie anders bepaal, vind by die Sentrale Jukskeisentrum plaas.	All South African Championships/Tournaments of Jukskei SA take place at the Central Jukskei Centre, unless the Board determines otherwise.
6.4	Alle Algemene Jaarvergaderings en Buitengewone Algemene Vergaderings van Jukskei SA, tensy die Direksie anders bepaal, vind verkieslik by die Sentrale Jukskeisentrum plaas.	All Annual General Meetings and Special General Meetings of Jukskei SA, preferably take place at the Central Jukskei Centre, unless the Board determines otherwise
6.5	Domicilium citandi et executandi van Jukskei SA setel by die woonadres van die Direkteur Administrasie.	Domicilium citandi et executandi of Jukskei SA is seated at the residence of the Director of Administration.
7	REGSTATUS	LEGAL STATUS
7.1	Jukskei SA is 'n organisasie wat geaffilieer is by relevante sportbeheerliggame insluitend die Suid-Afrikaanse Sport Konfederasie en Olimpiese Komitee (SASCOC), die Suid-Afrikaanse Meestersport Assosiasie (SAMSA) en die Internasionale Jukskei Federasie (IJF).	Jukskei SA is an organization affiliated to the relevant sporting bodies including the South African Sports Confederation and Olympic Committee (SASCOC), the South African Masters Sports Association (SAMSA) and the International Jukskei Federation (IJF).
7.2	Jukskei SA het volle regstatus betreffende sake wat Jukskei op Nasionale vlak raak.	Jukskei SA has full legal status on matters affecting Jukskei at National level.

7.3	Alle lede van Jukskei SA-, Provinsiale-, Distriks- en Klubbesture moet geaffilieerde lede van Jukskei SA wees en ten minste 60% van besture moet uit persone ouer as 18 jaar bestaan.	All members of Jukskei SA-, Provincial-, District- and Club Committees must be affiliated members of Jukskei SA and at least 60% of managements should consist of persons older than 18 years.
8		
	TAAL	LANGUAGE
8.1	Die voertaal van Jukskei SA is Afrikaans en/of Engels.	The language of Jukskei SA is Afrikaans and /or English.
8.2	Amptelike dokumentasie soos die Statute, Jukskei Speelreëls en die President se Jaarverslag kan ook in Engels beskikbaar wees.	Official documents such as the Statute, Jukskei Playing Rules and the President's Annual Report can also be available in English.
8.3	Kommunikasie met eksterne rolspelers sal in Engels plaasvind.	Communication with external stakeholders will be held in English.
8.4	Bemarkingsmateriaal en verkorte speelreëls kan ook in ander inheemse tale beskikbaar gestel word soos die behoefte ontstaan.	Marketing material and condensed playing rules can be made available in other indigenous languages as the need arises.
9		
	LIDMAATSKAP	MEMBERSHIP
9.1	Jukskei SA dien die sport Jukskei en het die volgende vereistes ten opsigte van lidmaatskap:	Jukskei SA serves the sport Jukskei and has the following requirements in respect of membership:
9.1.1	Lede van Jukskei SA word amptelik erken as die instansie (Provinsie en Assosiaatlidmaatskap) wat Jukskei in 'n bepaalde gebied/omgewing bevorder, bestuur en speel, onderhewig aan hierdie Statute.	Members of Jukskei SA are officially recognized as the institution (Province and Associate Body) promoting, managing and playing Jukskei in a specific area/environment, subject to this Statute.
9.2	Affiliësie	Affiliation
	Die volgende instansies (Provinsies en Assosiaatlidmaatskappe) vorm almal die lede van Jukskei SA. Die Distrikte is deur die Provinsies by Jukskei SA geaffilieer, met hulle grense en onderskeidende kleure (in hakies aangedui) soos deur die Algemene Jaarvergadering bekragtig en wat vervat word in die Reglement Deelname (Reglement J) .	The following institutions (Provinces and Associate Bodies) all form the members of Jukskei SA. The Districts are affiliated by the Provinces with Jukskei SA, indicated by their borders and distinctive colours (in brackets) as endorsed by the Annual General Meeting and contained in the Regulation Participation (Regulation J) .
9.2.1	Provinsiale Jukskei Federasies	Provincial Jukskei Federations
9.2.1.1	Gauteng (Blou en geel)	Gauteng (Blue and yellow)
9.2.1.2	KwaZulu Natal (Wit, skittergroen en swart)	Kwazulu Natal (white, brilliant green and black)
9.2.1.3	Limpopo (Elektriese blou en sinjaalrooi)	Limpopo (Electrical blue and signal red)
9.2.1.4	Mpumalanga (Blou, Ougoud en Wit) Korporatiewe Kleure (Wit, Blou en Geel)	Mpumalanga (Blue, Old Gold and White) Corporate Colors (White, Blue and Yellow)
9.2.1.5	Noord Kaap (Koningsblou, Sinjaalrooi, wit en poublou)	Northern Cape (Royal blue, Signal red, white and peacock blue)
9.2.1.6	Noordwes (Heldergroen, sinjaalrooi en wit)	Northwest (Bright green, signal red and white)
9.2.1.7	Oostelike Provinsie Jukskei Federasie (Rooi, Swart en minimaal Wit))	Eastern Province Jukskei Federation (Red, Black and minimal White)
9.2.1.8	Vrystaat (Oranje en wit)	Free State (Orange and White)

9.2.1.9	Wes Kaap (Donkerblou)	Western Cape (Dark blue)
9.2.2	Distrikte in Provinsies	Districts in Provinces
9.2.2.1	Gauteng Provinsie	Gauteng Province
9.2.2.1.1	Gauteng-Noord (Hemelsblou, vlootblou en rooi)	Gauteng North (Sky blue, navy and red)
9.2.2.1.2	Wesrand Distrik (Skittergroen, wit, en sonskyngel)	West Rand District (Brilliant Green, white, and sunshine yellow)
9.2.2.1.3	Oos-Gauteng (Vlootblou, sinjaalrooi en wit)	Eastern Gauteng (Navy, signal red and white)
9.2.2.1.4	Sentraal Gauteng (Wit, sinjaalrooi en swart)	Central Gauteng (White, signal red and black)
9.2.2.2	Vrystaat Provinsie	Free State Province
9.2.2.2.1	Noord Vrystaat (Wit, ougoud en heldergroen)	Northern Free State (White, old gold and bright green)
9.2.2.2.2	Oos Vrystaat (Wit, donkerblou en sinjaalrooi)	Eastern Free State (white, dark blue and signal red)
9.2.2.2.3	Suid Vrystaat (Vlootblou, wit, rooi en ougoud)	Southern Free State (Navy, white, red and old gold)
9.2.2.3	Wes Kaap Provinsie	Western Cape Province
9.2.2.3.1	Kaapse Wynland (Swart en mediumgeel)	Cape Winelands (Black and medium yellow)
9.2.2.3.2	Weskus (Wit en goud)	West Coast (White and gold)
9.2.2.3.3	Eden (Wit en 'Woodland-fern' groen en donkerblou)	Eden (White and Woodland-fern green and dark blue)
9.2.2.3.4	Westelike Provinsie (Wit en arabiese blou)	Western Province (White and Arabic blue)
9.2.2.3.5	Overberg (Rooi, swart en wit)	Overberg (Red, black and white)
9.3	Kleure en Embleme	Colours and Emblems
9.3.1	Elke Provinsie, Distrik of Assosiaat liggaam wat by die Jukskei SA wil affilieer, of reeds by Jukskei SA geaffilieer is, moet sy kleure en Embleem aan Jukskei SA vir goedkeuring voorlê.	Each province, District or Associate body who wants to affiliate with the Jukskei SA, or is already affiliated with Jukskei SA must submit its colours and Emblem to Jukskei SA for approval.
9.3.2	Wysigings word deur die Algemene Jaarvergadering bekragtig.	Changes are to be ratified by the Annual General Meeting.
9.4	Affiliasiegeld	Affiliation Fees
9.4.1	Elke Provinsie of Assosiaat liggaam wie se lidmaatskap deur Jukskei SA toegestaan word, betaal affiliasiegeld, soos deur die Algemene Jaarvergadering vasgestel, vir die daaropvolgende jaar.	Each Province or Associate body, whose membership is granted by Jukskei SA, pays affiliation fees, as determined by the Annual General Meeting, for the following year.
9.4.2	Affiliasiegeld is vooruitbetaalbaar soos bepaal in Reglement L (Finansies) Klousule 4.6.2.	Affiliation fee is payable in advance as stipulated in Regulation L (Finance) Clause 4.6.2.
9.5	Nuwe Lede	New Members
9.5.1	Enige instansie wat nie in Klousule 9.2.1 vermeld is nie, kan by Jukskei SA affilieer indien 'n aansoek op die Sakelys van 'n Algemene Jaarvergadering of Buitengewone Algemene Vergadering geplaas word.	Any institution that is not mentioned in Clause 9.2.1 can affiliate with Jukskei SA if an application is placed on the Agenda of the Annual General Meeting or Special General Meeting.
9.5.2	'n Aansoek om herlidmaatskap word in alle opsigte beskou as 'n eerste aansoek om lidmaatskap.	An application for re-membership is considered in all respects as a first application for membership.

	a) Enige aansoek moet die Direkteur Administrasie JSA voor 31 Mei bereik.	a) Any application must reach the Director of Administration JSA before 31 May.
9.5.3	Elke voorgename instansie of Assosiaat liggaam, wat by Jukskei SA wil affilieer, moet die aansoekvorm en voorgeskrewe dokumente aan Jukskei SA vir goedkeuring voorlê.	Each proposed institution or Associate body, who wants to affiliate with Jukskei SA must submit the application form and prescribed documents to Jukskei SA for approval.
9.5.4	Enige nuwe instansie of Assosiaat liggaam wat by Jukskei SA wil affilieer, moet onmiddellik die affiliasiegeld vir die jaar betaal, na goedkeuring van lidmaatskap.	Any new institution or Associate body who wants to affiliate with Jukskei SA must immediately pay the affiliation fee for the year, after approval of membership.
9.6	Pligte van elke Provinsie	Duties of each Province
9.6.1	Elke Provinsie wat by Jukskei SA geaffilieer is, moet sy goedgekeurde Grondwet jaarliks aan die Direkteur Administrasie van Jukskei SA vir bekragting voorlê. a) Hierdie Grondwet moet jaarliks voor einde Junie in Jukskei SA se besit wees.	Each Province affiliated with Jukskei SA must submit its approved Constitution annually to the Director of Administration of Jukskei SA for ratification. a) This Constitution shall be in Jukskei SA's possession before the end of June.
9.6.2	Elke provinsie wat by Jukskei SA geaffilieer is, moet jaarliks sy goedgekeurde finansiële state, President se Jaarverslag en voorlopige Jaarkalender aan die Direkteur Administrasie van Jukskei SA vir kennisname indien. a) Hierdie dokumente moet jaarliks voor einde Junie in Jukskei SA se besit wees.	Each province affiliated with Jukskei SA, must annually submit its approved financial statements, President's Annual Report and preliminary Year Calendar to the Director of Administration of Jukskei SA for notification. a) These documents must annually be in Jukskei SA's possession before the end of June.
9.6.3	'n Aansoek om herlidmaatskap word in alle opsigte beskou as 'n eerste aansoek om lidmaatskap.	An application for re-membership is considered in all respects as a first application for membership.
9.6.4	Die betaling van die vasgestelde affiliasiegeld maak 'n bindende lidmaatskap met Jukskei SA uit.	The payment of the stipulated affiliation fee ensures a binding membership with Jukskei SA.
9.6.5	Enige provinsie wat enige finansiële verpligtinge teenoor Jukskei SA nie op die ooreengekome keerdatum nagekom het nie, sal deur die Direksie geskors word tot tot tyd en wyl alle agterstallige geld betaal is.	Any province who has not complied with its financial obligations to Jukskei SA on the agreed deadline will be suspended by the Board until all arrears have been paid.
9.6.6	'n Volledige lys van deelnemers (spelers en administrateurs) onder sy jurisdiksie word op die voorgeskrewe vorm aan die Direkteur Administrasie van Jukskei SA gestuur saam met bewys van die inbetaling. a) Die vorm wat elektronies deur Jukskei SA verskaf word, moet volledig voltooi word.	A complete list of participants (players and administrators) under its jurisdiction is sent to the Director of Administration of Jukskei SA on the prescribed form together with proof of payment. a) The form which is electronically provided by Jukskei SA must be completed in full.
9.6.7	Indien 'n persoon aan aktiwiteite deelneem soos in hierbo gedefinieer en die persoon is ongeregistreer of nie in die korrekte lidmaatskapkategorie geregistreer nie, sal die Provinsie verantwoordelik wees vir die Sportregistrasiegeld soos van toepassing	If a person engages in activities as defined above and the person is unregistered or not registered in the correct category of membership, the Province will be responsible for Sport Registration fees as

	asook 'n boete wat gelykstaande is aan die Sportregistasiegeld van toepassing.	applicable as well as a fine equivalent to the applicable Sports Registration fees.
9.6.8	Sportregistrasie per lid per jaar ooreenkomstig die lidmaatskapkategorie word deur die Algemene Jaarvergadering bepaal.	Sports registration per member per year according to the category of membership is determined by the Annual General Meeting.
9.6.9	Elke Provinsie moet alle oorplasings van deelnemers volgens Jukskei SA se beleid bestuur en volledige goedgekeurde dokumentasie moet by Jukskei SA ingedien word (sien Reglement J Deelname) vir kennisname.	Each Province must manage all transfers of participants according to Jukskei SA's policy and complete approved documentation must be submitted to Jukskei SA (see Regulation J Participation) for notification.
9.6.10	Dit is elke Provinsie se plig om interne deelname asook inter-provinsiale geleenthede (soos ligas) vir spelers te reël en te bestuur.	It is each Province's responsibility to arrange and manage internal participation as well as inter-provincial events (such as leagues)
9.6.11	Indien 'n Provinsie ontbind of tot niet gaan, moet die Provinsie bestuur dadelik alle bates, insluitend finansies, boeke, trofee en ander dokumente aan Jukskei SA besorg.	If a Province dissolves or ceases to exist, the Province management must immediately hand over all assets, including finance, books, trophies and other documents to Jukskei SA.
9.6.12	Elke geaffilieerde Provinsie moet volledig rekord hou van alle geld wat ontvang en uitbetaal is.	Each affiliated Province must keep complete record of all money received and disbursed.
9.6.13	Elke Provinsiale Federasie se Grondwet moet aan die Provinsiale Konfederasie oorhandig word en aan sodanige kriteria voldoen.	Each Provincial Federation's Constitution must be submitted to the Provincial Confederation and meet such criteria.
9.7	Verantwoordelikhede van elke Provinsie	Responsibilities of each Province
9.7.1	Elke Provinsie skakeling met eksterne rolspelers (Provinsiale regeringstrukture, Streeksdiensterade en Munisipaliteite en ander).	Each Province liaises with external stakeholders (Provincial Government structures, Regional Services Councils and Municipalities and others) .
9.7.2	Skakeling met interne belangegroepes (Jukskei SA, Distrikte, Komitees en Jukskeipark).	Liaison with internal stakeholders (Jukskei SA, Districts, Committees and Jukskei Park).
9.7.3	Koördineer Ontwikkeling, Inheemse Sport en Klinieke in samewerking met die Direksie van Jukskei SA.	Coordinates Development, Indigenous Sport and Clinics in conjunction with the Board of Jukskei SA.
9.7.4	Koördineer Opleidingsgeleenthede in samewerking met die Direksie van Jukskei SA.	Coordinates Training opportunities in collaboration with the Board of Jukskei SA.
9.7.5	Organiseer deelname tydens Jukskei SA Provinsiale Kampioenskappe.	Organizes participation during Jukskei SA's Provincial Championships.
9.7.6	Organiseer deelname tussen Distrikte en Provinsies om speelgeleenthede te bevorder.	Organizes participation between Districts and Provinces to promote opportunities to play.
9.8	Magte van elke Provinsie	Powers of each Province
9.8.1	Elke Provinsie bepaal watter kriteria aangewend word om die aantal spelers en bestuur van skole, klubs en distrikte te reguleer (Reglement J Deelname).	Each Province determines what criteria are to be used to regulate the number of players and management of schools, clubs and districts (Regulation J Participation).
9.8.2	Elke Provinsie bepaal sy eie affiliasie- en registasiegeld betaalbaar deur lede.	Each province determines its own affiliation and registration fees payable by members.

9.8.3	Elke Provinsie bepaal self hoe die bestuur van die Provinsie saamgestel moet word, maar die volgende funksies moet verkieslik vervul word: President, Direkteure: Administrasie, Juniors, Finansies, Afrigting, Ontwikkeling, Skeidsregters, Opleiding, Korporatiewe Kommunikasie, Werwing en Deelname.	Each Province determines how the management of the Province must be compiled, but the following functions should preferably be fulfilled: President, Directors: Administration, Juniors, Finance, Coaching, Development, Umpires, Training, Corporate Communications, Recruitment and Participation.
9.8.4	Elke Provinsie bestuur sy eie spelers se voorkoms, solank dit onderhewig bly aan Reglement E (Kleredrag spesifikasies) .	Each Province manages its own players' appearance, as long as it remains subject to Regulation E (Clothing specifications) .
9.8.5	Geen Distrik binne die grense van een Provinsie mag by 'n ander Provinsie affilieer nie.	No District within the boundaries of a Province may affiliate with any other Province.
9.8.6	Elke geaffilieerde Provinsie word jaarliks met 'n elektroniese kopie van hierdie Statute voorsien en word daardeur gebind.	Each affiliated Province is provided annually with an electronic copy of this Statute and they are bound by them.
9.8.7	Die onderskeie Provinsiale Federasies moet hulle eie Toernooireëlingskomitee kies om toernooie te reël.	The various Provincial Federations must choose their own Tournament Organizing Committee to organize tournaments.
	a) Genoemde Reëlingskomitee reël hul eie toernooie vir seniors, juniors en leerders.	a) Said Organizing Committee arranges its own tournaments for seniors, juniors and students.
9.8.8	Elke Provinsiale Federasie stel sy eie Huishoudelike Reëls op vir die afspeel van hulle eie toernooie.	Each Provincial Federation establishes its own Domestic Rules for the playing of its own tournaments.
	a) Die Huishoudelike Reëls word aan Jukskei SA voorgelê vir goedkeuring, asook enige wysigings daaraan.	a) The Domestic Rules are submitted to Jukskei SA for approval, as well as any amendments thereto.
9.8.9	Instansies is verantwoordelik om die toernooi se koste te dek (baanfooie en medaljefonds).	Institutions are responsible for covering the expenses of the tournament (green fees and medal fund).
9.8.10	Inter-provinsiale toernooie vind plaas met diens van gekwalifiseerde skeidsregters toegeken deur Jukskei SA Skeidsregterskomitee.	Inter-provincial tournaments will take place with the service of qualified umpires assigned by Jukskei SA Umpires Committee.
	a) Die relevante finansiële uitgawes van Skeidsregters is die verantwoordelikheid van die beherende instansie.	a) The relevant financial expenses of Umpires are the responsibility of the governing body.
9.9	Pligte van elke Distrik	Duties of each District
9.9.1	Elke distrik wat by 'n provinsie geaffilieer is, moet sy goedgekeurde Grondwet jaarliks aan die Direkteur Administrasie van die provinsie vir bekragtiging voorlê.	Each district affiliated with a province must submit its approved constitution annually to the Director of Administration of the province for approval.
	a) Hierdie Grondwet moet jaarliks voor einde Mei in die provinsie se besit wees.	a) This Constitution shall annually be in the province's possession by the end of May.
9.9.2	Elke distrik wat by 'n Provinsie geaffilieer is, moet jaarliks sy goedgekeurde finansiële state, Voorsitter se Jaarverslag en voorlopige Jaarkalender aan die Direkteur Administrasie van die Provinsie vir kennisname indien.	Each district affiliated with a province, must annually submit its approved financial statements, Chairperson's Annual Report and preliminary Year Calendar to the Director of Administration of the Province for information.

	a) Hierdie dokumente moet jaarliks voor einde Mei in die Provinsie se besit wees wat dit ook aan Jukskei SA sal lewer vir kennisname.	a) These documents must annually be in the possession of the Province before the end of May who would also submit them to Jukskei SA for information.
9.9.3	'n Aansoek om herlidmaatskap word in alle opsigte beskou as 'n eerste aansoek om lidmaatskap.	An application for re-membership is considered in all respects as a first application for membership.
9.9.4	Die betaling van die vasgestelde affiliasiegeld is bindend tot lidmaatskap met die Provinsie en ook Jukskei SA.	The payment of the stipulated affiliation fee is binding to membership with the Province and Jukskei SA.
9.9.5	Elke geaffilieerde Distrik betaal Sportregistrasie alvorens lede aan enige georganiseerde (liga en provinsiale) geleenthede kan deelneem.	Each affiliated District pays Sports Registration before members can participate in any organized (league and provincial) events.
9.9.6	'n Volledige lys van deelnemers (spelers en administrateurs) onder sy jurisdiksie word op die voorgeskrewe vorm aan die Direkteur Administrasie van die Provinsie gestuur saam met bewys van die inbetaling.	A complete list of participants (players and administrators) under its jurisdiction is submitted to the Director of Administration of the Province on the prescribed form with proof of payment.
	a) Die lys word deur die Provinsie by Jukskei SA ingedien.	a) The list is submitted by the Province to Jukskei SA.
9.9.7	Die vorm wat elektronies deur Jukskei SA verskaf word, moet volledig voltooi word.	The form which is electronically provided by Jukskei SA must be completed in full.
9.9.8	Indien 'n persoon aan aktiwiteite deelneem soos hierbo gedefinieer en die persoon is ongeregistreer of nie in die korrekte lidmaatskapkategorie geregi-streer nie, sal die Distrik verantwoordelik wees vir die Sportregistrasiegeld soos van toepassing asook 'n boete wat gelykstaande is aan die Sportregistrasie-geld van toepassing.	If a person engages in activities as defined above, and the person is unregistered or not registered in the correct category of membership, the District will be responsible for Sport Registration fees as applicable and a fine equivalent to the Sports Registration fees apply.
9.9.9	Sportregistrasie per lid per jaar ooreenkomstig die lidmaatskapkategorie word deur die Algemene Jaarvergadering bepaal.	Sports registration per member per annum according to the category of membership is determined by the Annual General Meeting.
9.9.10	Elke Distrik/Provinsie moet ook alle oorplasinge van deelnemers volgens Jukskei SA se beleid bestuur en volledige goedgekeurde dokumentasie moet voor of op 31 Augustus by Jukskei SA ingedien word (sien Reglement J Deelname).	Each District/Province must manage all transfers of participants according to the policy of Jukskei SA and complete approved documentation must be submitted on or before 31 August to Jukskei SA (see Regulation J Participation).
	a) Die provinsies bepaal die datum waarop die aansoeke aan die provinsie gelewer word om die dokumente voor of op 31 Augustus by Jukskei SA in te dien.	a) The provinces determine the date on which the applications are to be submitted to the province to submit the documents on or before 31 August to Jukskei SA.
9.9.11	Dit is elke Distrik se plig om interne deelname geleenthede (soos ligas) vir spelers te reël en te bestuur.	It is the District's responsibility to arrange and manage internal participation opportunities (such as leagues) for players.
9.9.12	Indien 'n Distrik ontbind of tot niet gaan, moet die Distrik bestuur dadelik alle bates, insluitend finansies, boeke, trofeë en ander dokumente aan die Provinsie besorg.	If a District dissolves or ceases to exist, the District must immediately submit all assets, including finance, books, trophies and other documents to the Province.

9.9.13	Elke geaffilieerde Distrik, asook elke geaffilieerde Klub, moet volledig rekord hou van alle gelde wat ontvang en uitbetaal is.	Each affiliated District, as well as each affiliated Club, should keep complete record of all monies received and disbursed.
9.10	Magte van elke Distrik	Powers of each District
9.10.1	Elke Distrik bepaal watter kriteria aangewend word om die aantal spelers en bestuur van Klubs te reguleer (sien Reglement J Deelname).	Each District determines what criteria are used to regulate the number of players and management of Clubs (see Regulation J Participation).
9.10.2	Elke Distrik bepaal sy eie affliasie- en registrasiegeld betaalbaar deur lede.	Each district sets its own affiliation- and registration fees payable by members.
9.10.3	Elke Distrik bepaal self hoe die bestuur van die Distrik saamgestel moet word. Voorsiening vir die volgende funksies moet gemaak word: Voorsitter, Bestuurslede: Administrasie, Juniors, Finansies, Afrigting, Ontwikkeling, Skeidsregters, Opleiding, Korporatiewe Kommunikasie, Werwing en Deelname.	Each District determines how the management of the District should be compiled. Provision for the following functions must be made: Chairperson, Members: Administration, Juniors, Finance, Coaching, Development, Umpires, Training, Corporate Communications, Recruitment and Participation.
9.10.4	Elke Distrik bestuur sy eie spelers se voorkoms, solank dit onderhewig bly aan Reglement E (Kleredragspesifikasies).	Each District manages its own players' appearance, as long as it remains subject to Regulation E (Clothing specifications).
9.10.5	Indien Klubs tot niet gaan deur ontbinding of andersins, moet alle eiendom van die betrokke Klubs soos trofeë, finansies, boeke en en ander dokumente aan die Distrik onder wie se jurisdiksie die betrokke liggaam ressorteer, besorg word.	If clubs cease to exist due to dissolution or otherwise, any property obtained from the relevant Clubs like trophies, finance, books and other documents should be submitted to the District under whose jurisdiction the relevant body falls.
9.10.6	Die Distrik is verplig om sodanige besittings vir twee jaar in bewaring te hou waarna sodanige besittings die eiendom van die Distrik word.	The District is obligated to hold such property in custody for two years after which such property becomes the property of the District.
9.10.7	Geen klub binne die grense van een Distrik mag by 'n ander distrik affilieer nie. a) Slegs spelers word toegelaat om oorgrens binne 'n provinsie by 'n reeds bestaande Klub in daardie betrokke Distrik te affilieer.	No club within the boundaries of one District may affiliate with any other district. a) Only players are allowed to affiliate across borders within a province with an existing Club in that particular District.
9.11	Pligte van elke Assosiaat Liggaam	Duties of each Associate Body
9.11.1	Elke Assosiaat Liggaam wat by Jukskei SA geaffilieer is, moet sy goedgekeurde Grondwet jaarliks aan die Direkteur Administrasie van Jukskei SA vir bekragtiging voorlê. a) Hierdie Grondwet moet jaarliks voor einde Junie in Jukskei SA se besit wees.	Each Associate Body affiliated with Jukskei SA, must submit its approved constitution annually to the Director of Administration of Jukskei SA for ratification. a) This Constitution shall annually be in the possession of Jukskei SA before the end of June.
9.11.2	Elke Assosiaat Liggaam wat by Jukskei SA geaffilieer is, moet jaarliks bewys van goeie finansiële bestuur, Voorsitter se Jaarverslag en voorlopige Jaarkalender aan die Direkteur Administrasie van Jukskei SA vir kennisname indien.	Each Associate Body affiliated with Jukskei SA must provide annual proof of sound financial management, Chairperson's Annual Report and preliminary Year Calendar to the Director of Administration of Jukskei SA for notification.

	a) Hierdie dokumente moet jaarliks voor einde Junie in Jukskei SA se besit wees.	a) These documents must be in Jukskei SA's possession annually before end of June.
9.11.3	'n Aansoek om herlidmaatskap word in alle opsigte beskou as 'n eerste aansoek om lidmaatskap.	An application for re-membership is always considered as a first application for membership.
9.11.4	Die betaling van die vasgestelde affiliasiegeld is bindend tot lidmaatskap met Jukskei SA.	The payment of the stipulated affiliation fee is binding to membership with Jukskei SA.
9.11.5	Enige Assosiaat Liggaam wat enige finansiële verpligtinge teenoor Jukskei SA nie op die ooreengekome keerdatum nagekom het nie, sal deur die Direksie geskors word tot tyd en wyl alle agterstallige geld betaal is.	Any Associate Body who does not comply with the financial obligations to Jukskei SA on the agreed deadline will be suspended by the Board until all arrears have been paid.
9.11.6	Die Assosiaat Liggaam wat nie in staat is om sy finansiële verpligtinge (uitgesluit affiliasiegeld) teenoor Jukskei SA na te kom nie, mag van die Direksie verlof kry vir uitstel van betaling.	The Associate Body who is unable to meet its financial obligations to Jukskei SA (excluding affiliation) may get permission from the Board for deferred payment.
9.11.7	Elke geaffilieerde Assosiaat Liggaam betaal Sportregistrasie alvorens lede aan enige georganiseerde (liga en provinsiale) geleenthede kan deelneem.	Each affiliated Associate Body pays Sports Registration before members may participate in any organized (league and provincial) events.
9.11.8	'n Volledige lys van deelnemers (spelers en administrateurs) onder sy jurisdiksie word op die voorgeskrewe vorm aan die Direkteur Administrasie JSA gestuur saam met bewys van die inbetaling.	A complete list of participants (players and administrators) under its jurisdiction is submitted on the prescribed form to the Director of Administration JSA with proof of payment.
9.11.9	Die vorm wat elektronies deur Jukskei SA verskaf word, moet volledig voltooi word.	The form which is electronically provided by Jukskei SA must be completed in full.
9.11.10	Indien 'n persoon aan aktiwiteite deelneem soos in hierbo gedefinieer en die persoon is ongeregistreer of nie in die korrekte lidmaatskapkategorie geregi-streer nie, sal die Assosiaat Liggaam verantwoordelik wees vir die Sportregistrasiegeld soos van toepassing asook 'n boete wat gelykstaande is aan die Sportregistrasie-geld van toepassing.	If a person engages in activities as defined above and the person is unregistered or not registered in the correct category of membership, the Associate Body will be responsible for the Sport Registration fees as applicable as well as a fine equivalent to the applicable Sports Registration fees.
9.11.11	Sportregistrasie per lid per jaar ooreenkomstig die lidmaatskapkategorie word deur die Algemene Jaarvergadering bepaal.	Sports registration per member per annum according to the category of membership is determined by the Annual General Meeting.
9.11.12	Dit is elke Assosiaat Liggaam se plig om interne deelname geleenthede (soos ligas, kampioenskappe en toernooie) vir spelers te reël en te bestuur.	It is the Associate Body's duty to arrange and manage internal participation opportunities (such as leagues, championships and tournaments) for players.
9.11.13	Indien 'n Assosiaat Liggaam ontbind of tot niet gaan, moet Jukskei SA dadelik in kennis gestel word en besluit word wat met bates van JSA gebeur.	If an Associate Body dissolves or ceases to exist, Jukskei SA should immediately be informed and there has to be decided on what happens to assets of JSA.
9.11.14	Elke geaffilieerde Assosiaat Liggaam moet volledig rekord hou van alle geld wat ontvang en uitbetaal is.	Each affiliated Associate Body should keep complete record of all money received and disbursed.

9.12	Magte van elke Assosiaat Liggaam	Powers of each Associate Body
9.12.1	Elke Assosiaat Liggaam bepaal watter kriteria aangewend word om die aantal spelers en bestuur van die Assosiaat Liggaam te reguleer (sien Reglement J Deelname).	Each Associate Body determines what criteria are used to regulate the number of players and management of the Associate Body (see Regulation J Participation).
9.12.2	Elke Assosiaat Liggaam bepaal self hoe die bestuur saamgestel moet word. Voorsiening vir die volgende funksies moet gemaak word: Voorsitter, Direkteure: Administrasie, Juniors, Finansies, Afrigting, Ontwikkeling, Skeidsregters, Opleiding, Korporatiewe Kommunikasie, Werwing en Deelname.	Each Associate Body determines how management should be compiled. Provision for the following functions must be made: Chairperson, Directors: Administration, Juniors, Finance, Coaching, Development, Umpires, Training, Corporate Communications, Recruitment and Participation.
9.12.3	Elke Assosiaat Liggaam bestuur sy eie spelers se voorkoms, solank dit steeds onderhewig is aan Reglement E (Kleredragspesifikasies).	Each Associate Body manages its own players' appearance, as long as it is still subject to Regulation E (Clothing Specifications).
9.12.4	Lede van die Assosiaat Liggaam word as assosiaatlede by JSA geregistreer	Members of the Associate Body are registered as associate members at JSA.
	a) Spelers (wat al hulle verpligtinge aan hulle provinsie nagekom het) mag aan JSA toernooie deelneem, maar Provinsies het die eerste aanspraak op SA Kampioenskappe	a) Players (who met all their obligations to their province) may participate in JSA tournaments, but Provinces have the first right to SA Championships.
	b) Spelers (wat al hulle verpligtinge aan hulle provinsie nagekom het) wat aan klubligas, distriks, provinsiale aktiwiteite asook JSA toernooie en kampioenskappe deelneem, is volle lede en moet die registrasiegeld betaal voor deelname.	b) Players (who have fulfilled all their obligations to their province) participating in club leagues, district, provincial activities as well as JSA tournaments and championships, are full members and have to pay the registration fee for participation.
9.12.5	Elke geaffilieerde Assosiaat Liggaam word jaarliks met 'n elektroniese kopie van hierdie Statute voorsien en word daardeur gebind.	Each affiliated Associate Body is provided annually with an electronic copy of this Statute and is bound by them.
10	DEELNEMERS	PARTICIPANTS
10.1	Kategorië van deelnemers	Categories of participants
	Jukskei SA definieer alle spelers en beamptes as deelnemers aan die sport in die volgende kategorië:	Jukskei SA defines all players and officials as participants in the sport in the following categories:
10.1.1	Volle lede (Juniors en Seniors) is persone wat:	Full members (Juniors and Seniors) are persons who:
10.1.1.1	aan die amptelike aktiwiteite van die Klub, Distrik, Provinsie deelneem, soos ligas (Skoleliga uitgesluit);	Participate in the official activities of the Club, District, Province like leagues (Schools League excluded);
10.1.1.2	op besture en komitees van Klubs, Distrikte en Provinsies dien;	serve on managements and committees of Clubs, Districts and Provinces;
10.1.1.3	aan proewe van die Distrik en Provinsie deelneem; en	participate in trials of the District and Province; and
10.1.1.4	die Distrik/Provinsie/Instansie tydens Kampioenskappe/Toernooie	represent the District/Province/Institution at Championships/Tournaments (whether as an official or as a player).

	verteenwoordig (hetsy as 'n beampte of as 'n speler).	
10.1.2	Assosiaatlede is lede wat aan 'n Assosiaatliggaam en aan Skoleligas deelneem.	Associate Members are members who participate in an Associate Body and in School Leagues .
10.1.2.1	Lede van die Assosiaatliggaam/ Skole-ligas word as Assosiaatlede by JSA geregistreer wat aan ligas en toernooie:	Members of the Associate Body/School Leagues are registered at JSA as Associate members who participate in leagues and tournaments:
	a) van die Assosiaatliggaam of skole deelneem	a) of the Associate Body or schools
	b) Spelers mag, wat al hul verpligtinge nagekom het, as Assosiaatliggaam aan JSA toernooie deelneem, maar Provinsies het die eerste aanspraak op SA Kampioenskappe.	b) Players who have fulfilled their obligations may take part in JSA tournaments as Associate Body, but provinces have the first right to South African Championships.
	c) Assosiaatspelers wat aan klubligas, distriks, provinsiale aktiwiteite asook JSA toernooie en kampioenskappe deelneem, is volle lede en moet die registrasiegeld betaal voor deelname.	c) Associate players participating in club leagues, district, provincial activities as well as JSA tournaments and championships, are full members and have to pay the registration fee before participation.
10.1.3	Sosiale lede (Juniors en Seniors) is persone wat:	Social Members (Juniors and Seniors) are persons who:
10.1.3.1	eenmalig deelneem aan 'n amptelike Klub liga;	participate in an official Club league only once;
10.1.3.2	per geleentheid aan nie-amptelike aktiwiteite (sosiale dae) van die Distrik en Provinsie deelneem wat nie soos hierbo gedefinieer is nie;	occasionally participate in unofficial activities (social days) of the District and Province that are not defined above;
10.1.3.3	alle spelers wat aan geen amptelike Klub, Distrik en Provinsie liga/toernooie/ kampioenskappe deelneem nie;	all players who do not participate in any official Club, District and Province leagues/ tournaments/championships;
10.1.3.4	slegs spaninskrywings/baanfoeie aan die instansie en registrasie as sosiale lid by JSA betaal.	only pay team entry fees /court fees to the institution and pays registration as social member of JSA.
10.1.3.5	as Senior Burger klubs aan informele ligas deelneem	as Senior Citizen clubs participate in informal leagues
10.1.4	<u>Sosiale Klubs</u> Sosiale klubs is klubs wat by hulle Distrik geaffilieer is, teen die bedrag soos deur die AJV van JSA besluit is, en mag:	<u>Social Clubs</u> Social clubs are clubs affiliated with their District, at the amount decided by the AGM of JSA and may:
10.1.4.1	eenmalig per jaar aan die klubligas van die Distrik deelneem.	once a year participate in the club leagues of the District.
10.1.4.2	die lede van die klubs gekies word om aan die B&C liga van die Inheemse Spele deel te neem.	the members of the clubs be selected to participate in the B&C League of the Indigenous Games.
11	JUKSKEI SUID-AFRIKA	JUKSKEI SOUTH AFRICA
11.1	Jukskei Suid-Afrika AJV is die hoogste gesag van Jukskei in Suid-Afrika en sal al die magte en bevoegdhede besit volgens hierdie	Jukskei South Africa AGM is the highest authority of Jukskei in South Africa and shall own all the powers and functions according

	Statute wat aan geen ander strukture binne Jukskei toegedeel is nie.	to this Statute which is not allocated to any other structures within Jukskei.
11.2	Die getal lede van Jukskei SA is onbeperk.	The number of members of Jukskei SA is unlimited.
11.3	Ten einde sy doelstellings te bevorder, het Jukskei SA AJV die mag om in die algemeen, na goeddunke:	In order to promote its objectives, Jukskei SA has the power in general, at its discretion:
11.3.1	enige stappe te doen wat dienstig mag wees; en	to take whatever steps may be necessary; and
11.3.2	besit ook die reg om sy magte te delegeer.	also has the right to delegate its powers.
11.4	Die eiendom van Jukskei SA vestig in Jukskei SA.	The property of Jukskei SA is settled in Jukskei SA.
11.5	Die inkomste en eiendom van Jukskei SA, uit welke bron ook al verkry, word uitsluitlik aangewend vir die bevordering van die doelstellings van Jukskei SA soos uiteengesit in die 'Akte van Oprigting' van Jukskei SA.	The income and property of Jukskei SA, from whatever source obtained are used exclusively for the promotion of the objectives of Jukskei SA as set out in the 'Memorandum' of Jukskei SA.
11.6	Geen gedeelte daarvan mag direk of indirek, by wyse van dividend, bonus of winste aan lede van Jukskei SA betaal of oorgemaak word nie.	No part of it may be paid or transferred directly or indirectly by way of dividend, bonus or profits to members of Jukskei SA.
11.7	Die besoldiging van 'n beampte, werknemer of lid van Jukskei SA, aan Jukskei SA bewese dienste, word egter nie belet nie.	The remuneration of an official, employee or member of Jukskei SA, to Jukskei SA for proven services, is, however, not forbidden.
11.8	Jukskei SA sal die reis- en verblyf koste van die Direksie dra wat:	Jukskei SA shall pay the travel- and accommodation expenses of the Board for:
11.8.1	Bestuursvergaderings;	Management meetings;
11.8.2	Algemene Jaarvergaderings;	Annual General Meetings;
11.8.3	Spesiale Algemene Vergaderings; of	Special General Meetings; or
11.8.4	enige ander geleentheid in belang van Jukskei met toestemming van of in opdrag van Jukskei SA bywoon.	Any other events in the interest of Jukskei with the consent of or at the direction of Jukskei SA.
12	DIE ALGEMENE JAARVERGADERING (AJV)	THE ANNUAL GENERAL MEETING (AGM)
12.1	Jukskei SA se vergaderings staan bekend as die Algemene Jaarvergadering (AJV).	Jukskei SA meetings are known as the Annual General Meeting (AGM).
12.2	Jaarliks word 'n Algemene Jaarvergadering van Jukskei SA gehou, nie later nie as 31 Julie .	Once a year an Annual General Meeting of Jukskei SA is held not later than 31 July .
12.3	Die Algemene Jaarvergadering bestaan uit 'n 'Ope' vergadering en 'n 'Geslote' vergadering.	The Annual General Meeting consists of an 'Open' meeting and a 'Closed' meeting.
12.3.1	Die Ope vergadering mag deur enige persoon (lede en besoekers) bygewoon word. Die Ope vergadering handel oor algemene sake en strek tot by die verslag van die President van JSA.	The Open meeting may be attended by any person (members and guests). The Open meeting deals with general issues and extends up to the report of the President of JSA.
12.3.2	Die Geslote-vergadering mag slegs deur die persone (sien bestaande 12.3 vir geakkrediteerde lede) bygewoon word en alle ander persone (nie-geakkrediteerde lede) sal die vergadering verlaat vir die hou van die geslote gedeelte.	The Closed meeting may only be attended by the persons (see existing 12.3 for accredited members) and all others (non-accredited members) will leave the meeting so that the closed part can be held.

	a) Genooide verteenwoordigers van SASCOC en SRSA kan met die nodige toestemming as waarnemers die geslote vergadering bywoon.	a) Invited representatives of SASCOC and SRSA can with the necessary permission attend the closed meeting as observers.
	b) Die geslote vergadering is die hantering van finansies, verslae van Direkteure, Beskrywings- en Besprekingspunte asook die verkiesing van die Presidensie en Direkteure driejaarliks.	b) The closed meeting deals with finance, reports of Directors, Motions and Discussion points as well as the election of the Presidency and Directors three-yearly.
12.4	Die AJV bestaan uit:	The AGM consists of:
12.4.1	Die Direksie	The Board
12.4.2	Erelede	Honorary Members
12.4.3	Die President van elke Provinsiale Federasie (Klousule 9.2.1).	The President of each Provincial Federation (Clause 9.2.1)
12.4.4	Proposionele verteenwoordiging van Provinsiale Federasies (Klousule 9.2.2) word bepaal volgens die aantal vol geregistreerde lede soos op 30 April voor die AJV van daardie jaar tot 'n maksimum van 24 stemme.	Proportional representation of the Provincial Federations (Clause 9.2.2) is determined by the number of fully registered members as at 30 April before the AGM of that year to a maximum of 24 votes.
12.4.5	Spelerskommissieverteenwoordiger	Players Commission Representative
12.4.6	Assosiaatligeame – een (1) verteenwoordiger per liggaam	Associate Bodies – one (1) representative per body
12.4.7	Die Voorsitters van die SA Meesters en SA Senior Akademie Komitee onderskeidelik.	The Chairpersons of the SA Masters and SA Senior Academy Committee respectively.
12.4.8	Al die lede van die Ouditkomitee <i>ex officio</i> .	All the members of the Audit Committee <i>ex officio</i> .
12.5	Geaffilieerde Provinsies en Geassosieerde Liggame wat 10 kalenderdae voor die aanvang van die Algemene Jaarvergadering al hulle finansiële verpligtinge nagekom het, het die reg om:	Affiliated Provinces and Associated Bodies, who have met all their financial obligations 10 calendar days before the beginning of the Annual General Meeting, may send:
12.5.1	een verteenwoordiger	one representative
12.5.2	Proporsionele aantal verteenwoordigers na die Algemene Jaarvergadering te stuur (klousule 12.4.4)	Proportional number of representatives to the Annual General Meeting (clause 12.4.4)
12.6	Geloofsbriewe onderteken deur die President en Direkteur Administrasie van die instansie, op die instansie se amptelike briefhoof, moet aan die vergadering voorgelê word deur alle verteenwoordigers.	Credentials signed by the President and Director of Administration of the institution, on the institution's official letterhead, must be submitted to the meeting by all representatives.
12.6.1	Geloofsbriewe verleen die afgevaardigdes volmag om aan besluitneming namens die instansie deel te neem.	Credentials provide delegates authority to participate in decision making on behalf of the institution.
12.6.2	Alle stemgeregtigdes word geïdentifiseer met hulle JSA registrasiekaarte wat vertoon word tydens die vergadering.	All voters are identified by their JSA registration cards that are displayed during the meeting.
12.7	Die Algemene Jaarvergadering Kennisgewing	The Annual General Meeting Notice
12.7.1	Die Kennisgewing vir die Algemene Jaarvergadering sal alle lede ten minste 60 kalenderdae voor die vergadering bereik en	The Notice for the Annual General Meeting will reach all members at least 60 calendar days before the meeting and all members

	alle lede uitnoui om besprekings- en beskrywingspunte in te dien.	are invited to submit motions and discussion points.
12.7.2	Kennisgewings buite tyd, kan met 'n tweederde meerderheid deur die Algemene Jaarvergadering gekondoneer word.	Notices outside of time, can be condoned by a two-thirds majority by the Annual General Meeting.
12.7.3	Alle besprekings-/beskrywingspunte vir die Sakelys van die Algemene Jaarvergadering moet die Direkteur Administrasie ten minste 14 kalenderdae voor die Direksievergadering bereik soos jaarliks bepaal deur die AJV.	All motions/discussion points for the Agenda of the Annual General Meeting, must reach the Director of Administration at least 14 calendar days before the Board Meeting as determined annually by the AGM.
12.8	Die Algemene Jaarvergadering Agenda	The Annual General Meeting Agenda
12.8.1	'n Volledige Sakelys, wat die volgende dokumente moet insluit, moet die verskillende Provinsies/Distrikte en ander gemagtigde instansies ten minste 21 kalenderdae voor die datum waarop die vergadering plaasvind, bereik:	A Complete Agenda that must include the following documents, should reach the various Provinces/Districts and other authorized institutions at least 21 calendar days before the date of the meeting:
12.8.1.1	Die Notule van die vorige Algemene Jaarvergadering	The Minutes of the previous Annual General Meeting
12.8.1.2	Die President se Jaarverslag	The President's Annual Report
12.8.1.3	Geouditeerde finansiële state	Audited financial statements
12.8.1.4	Verslae van portefeuljes, komitees en toere	Reports from portfolios, committees and tours
12.8.1.5	Besprekings- en Beskrywingpunte	Motions and Discussion Points
12.8.1.6	Die begroting vir die volgende finansiële jaar	The budget for the next financial year
12.8.1.7	Die voorlopige Kalender vir die volgende jaar	The provisional Calendar for the next year
12.9	Die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering	The Chairperson of the Annual General Meeting
12.9.1	Die President van Jukskei SA sal optree as Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering en in die President se afwesigheid sal een van die Vice-Presidente as Voorsitter optree.	The President of Jukskei SA will act as Chairperson of the Annual General Meeting and in the President's absence one of the Vice-Presidents will perform as Chairperson.
12.9.2	In die afwesigheid van die President en albei Vice-Presidente, sal die Direkteur Administrasie die vergadering konstitueer en dan die vergadering versoek om 'n Voorsitter aan te wys.	In the absence of the President and both Vice-Presidents, the Director of Administration will constitute the meeting and request the meeting to appoint a Chairperson.
12.10	'n Kworum vir die Algemene Jaarvergadering	A quorum for the Annual General Meeting
12.10.1	'n Kworum is een meer as die helfte van die aantal lede wat stemgeregtig is op die betrokke vergadering.	A quorum is more than half of the members entitled to vote at the meeting.
12.10.2	Indien 'n kworum nie aanwesig is nie, moet 'n twee-derde meerderheid van die teenwoordigers 'n besluit neem om die vergadering oor 60 minute te begin.	If a quorum is not present, a two-thirds majority of those present have to make a decision to start the meeting in 60 minutes time.
	a) Die lede wat dan die vergadering bywoon, sal as 'n kworum beskou word.	a) The members who then attend the meeting shall be considered a quorum.

12.11	Stemming tydens die Algemene Jaarvergadering	Voting at the Annual General Meeting
12.11.1	Alle beslissings van Jukskei SA geskied deur sekere meerderhede, wat uit die volgende twee punte sal blyk, van stemme van die stemgeregtigdes.	All decisions of Jukskei SA are done by certain majorities, which will appear from the following two points of voices of the voters.
12.11.1.1	’n Volstreekte meerderheid is meer as 50% van die stemgeregtigdes teenwoordig.	An absolute majority is more than 50% of the voting members present.
12.11.1.2	’n Spesiale meerderheid is meer as tweederde (ten minste 67%) van die stemgeregtigdes teenwoordig.	A special majority is more than two-thirds (at least 67%) of the voters present.
12.11.1.2	’n Amendament tot ’n Beskrywingspunt, kan aangebring word indien daar geen teenstem is nie.	An Amendment to a motion may be made if there are no dissenting votes.
12.11.2	Die volgende persone is stemgeregtig op Algemene Jaarvergaderings:	The following persons are entitled to vote at the Annual General Meeting:
12.11.2.1	Alle lede van die Direksie.	All members of the Board.
12.11.2.2	Die President of ’n <i>genomineerde bestuurslid</i> van elke Provinsiale Federasie (Klousule 9.2.1) slegs indien hy bewys kan lewer van lidmaatskap by die betrokke Provinsiale Konfederasie.	The President or a nominated board member of each Provincial Federation (Clause 9.2.1) only if he can provide proof of membership at the Provincial Confederation concerned.
12.11.2.3	Proporsionele verteenwoordiging van Provinsiale Federasies (Klousule 9.2.2) word bepaal volgens die aantal vol geregistreerde lede soos op 30 April voor die AJV van daardie jaar tot ’n maksimum van 24 stemme.	Proportional representation of Provincial Federations (Clause 9.2.2) is determined by the number of fully registered members as at 30 April before the AGM of that year to a maximum of 24 votes.
12.11.2.4	Een spelerverteenwoordiger	One player representative
12.11.3	Stemming geskied deur die opsteek van hande, maar mag die vergadering versoek om by geleentheid per geslote stembrief te stem oor sake. Waar daar oor persone besluit moet word, moet per geslote stembrief gestem word. a) By die aanvang van die hoofpunte waar stemming plaasvind moet die vergadering ingelig word dat beide maniere van stem toegelaat word. b) Die werkwysie is dat daar ’n voorstel gemaak word wat dan gesekondeer moet word, voordat geslote stembriewe gebruik word, by elke punt, nie vir alle punte in geheel nie.	Voting takes place by a show of hands, but the meeting may request that voting be done by secret ballot on occasions. Where persons are decided on, voting should be done by secret ballot. a) At the start of the main points where voting takes place, the meeting must be informed that both ways of voting are allowed. b) The method is that a proposal is made that needs to be seconded, before closed ballot papers are used, at each point, not for all points as a whole.
12.11.4	Die Voorsitter het op alle vergaderings	The Chairperson has at all meetings:
12.11.4.1	’n gewone;	an ordinary;
12.11.4.2	sowel as ’n beslissende stem.	as well as a casting vote.
12.11.5	By die staking van stemme oor enige voorstel, anders as by die verkiesing van ’n persoon, moet die Voorsitter	At equality of votes on any proposal other than the election of a person, the Chairperson must
12.11.5.1	sy/haar beslissende stem uitbring; en	cast his/her casting vote; and
12.11.5.2	in die gevalle van staking van stemme, waar persone verkies moet word, sal die lot gewerp word.	in the case of equality of votes, where persons are to be elected, the lot will be cast.

12.11.6	Artikels van die Statute kan gewysig word met 'n spesiale meerderheid van stemme (dus <i>meer as twee-derdes</i> van die stemgeregtigde lede).	Articles of the Statute may be amended by a special majority of votes (ie <i>more than two-thirds</i> of the voting members).
12.11.7	Besluite op die Algemene Jaarvergadering geneem, is bindend.	Decisions taken at the Annual General Meeting are binding.
12.12	Mosies	Motions
12.12.1	Mosies wat op die Algemene Jaarvergadering ingedien word, hou verband met Jukskei op Nasionale vlak.	Motions submitted at the Annual General Meeting are relating to Jukskei at National level.
12.12.2	Onbestrede mosies van gelukwense, roubeklag en dankbetuiging kan ingedien word.	Unopposed motions of congratulations, condolence and thanks can be submitted.
12.12.3	Slegs verteenwoordigers mag op 'n vergadering 'n mosie indien of sekondeer.	Only representatives may submit or second a motion at a meeting.
12.12.4	Vir bestrede mosies word drie verskillende sekondante benodig en moet van sodanige mosie ten minste tien kalenderdae vooraf skriftelik kennisgegee word.	For opposed motions three different seconders are required and written notice of such a motion should be given at least ten calendar days in advance.
12.13	Die Algemene Jaarvergaderingnotule	The Minutes of the Annual General Meeting
12.13.1	Die konsepnotule van die Algemene Jaarvergadering moet binne 60 kalenderdae na die dag waarop die vergadering gehou is, aan alle lede van Jukskei SA (soos gespesifiseer in Artikel 11) gestuur word.	The draft minutes of the Annual General Meeting must be sent to all members of Jukskei SA (as specified in Article 11) within 60 calendar days after the date of the meeting.
12.13.2	Die notule sal as die amptelike kennisgewing van die besluite en verrigtinge dien.	The minutes will serve as the official notice of the decisions and proceedings.
12.14	Die President se Jaarverslag	The President's Annual Report
12.14.1	Die President stel jaarliks 'n verslag van die werksaamhede van Jukskei SA op wat aan die Algemene Jaarvergadering voorgelê word.	The President annually compiles a report of the activities of Jukskei SA which must be submitted to the Annual General Meeting.
12.14.2	Die President se Jaarverslag word na bespreking by die Algemene Jaarvergadering aan die eksterne rolspelers versend.	The President's Annual Report is sent to external stakeholders after discussion at the Annual General Meeting.
13	BUITENGEWONE ALGEMENE VERGADERING	SPECIAL GENERAL MEETING
13.1	Die Direksie mag, wanneer noodsaaklik, 'n Buitengewone Algemene Vergadering belê.	The Board may, when necessary, convene a Special General Meeting.
13.2	Die Direksie is by magte om 'n Buitengewone Vergadering binne 28 kalenderdae na ontvangs van 'n skriftelike versoek, onderteken deur die President en Direkteur Administrasie van ten minste die helfte van die instansies wat die vorige jaar geaffilieer was by Jukskei SA, waarin die doel van die vergadering duidelik uiteengesit word, te belê.	The Board has the power to convene a Special Meeting within 28 calendar days after receipt of a written request, signed by the President and Director of Administration of at least half of the institutions affiliated with Jukskei SA the previous year, in which the objective of the meeting is clearly explained.
13.3	Skriftelike kennisgewings van alle Buitengewone Vergaderings, moet die instansies	Written notices of all Special Meetings, should reach the institutions at least 14

	minstens 14 kalenderdae voor die datum bepaal vir die vergadering, bereik.	calendar days before the date of the meeting.
13.4	'n Buitengewone Algemene Vergadering behandel slegs sake waarvan behoorlik kennis gegee is, met dien verstande dat Jukskei SA na aanname van 'n onbestrede mosie, sake mag behandel waarvan nie kennis gegee is nie.	A Special General Meeting only discusses matters of which proper notice was given, with the proviso that Jukskei SA after acceptance of an unopposed motion, may deal with issues that have not been given notice of.
13.5	Vir alle Buitengewone Algemene Vergaderings sal die kworum dieselfde wees as vir die Algemene Jaarvergadering.	For all Special General Meetings the quorum will be the same as for the Annual General Meeting.
13.6	Dieselfde verteenwoordiging as vir die Algemene Jaarvergadering geld vir Buitengewone-Vergaderings.	The same representation as for the Annual General Meeting applies for Extraordinary Meetings.
14	PRESIDENTSRAAD	PRESIDENT'S COUNCIL
14.1	Die strategiese rigting van Jukskei word op die vlak van die Presidentsraad aangedui.	The strategic direction of Jukskei is indicated at the level of the President's Council.
14.2	Hierdie struktuur is noodsaaklik om nuwe voorstelle en sake van strategiese belang te bespreek.	This structure is necessary to discuss new proposals and matters of strategic importance.
14.3	Samestelling van die Presidentsraad	Composition of the President's Council
14.3.1	Die Presidentsraad bestaan uit:	The President's Council consists of:
14.3.1.1	Lede van die Direksie	Members of the Board
14.3.1.2	Presidente van alle Provinsies	Presidents of Provinces
14.3.1.3	Ad hoc-lede soos deur die Direksie genooi	Ad hoc members as invited by the Board
14.4	Mandaat van die Presidentsraad	Mandate of the President's Council
14.4.1	Om sake van belang vir die uitbou en groei van Jukskei te identifiseer.	To identify issues of importance to the development and growth of Jukskei.
14.4.2	Om aksieplanne en strategieë voor te stel om die strategiese planne van Jukskei SA te laat realiseer.	In order to develop action plans and strategies to realize the strategic plans of Jukskei SA.
14.4.3	Om leiding aan Jukskei SA te verskaf rakende uitvoeringstrategieë vir statutêre vereistes, Jaarvergaderingbesluite en vereistes van eksterne rolspelers.	To provide guidance to Jukskei SA regarding implementation strategies for statutory requirements, annual General Meeting resolutions and requirements of external stakeholders.
14.4.4	Om die strategieë en besluite van Jukskei SA binne Provinsies, Assosiaat Liggame en Komitees uit te voer, te kontroleer en terugvoering te verskaf.	To carry out, monitor and provide feedback of the strategies and decisions of Jukskei SA within Provinces, Associate Bodies and Committees.
14.5	Vergaderings van die Presidentsraad	Meetings of the President's Council
14.5.1	Die Presidentsraad vergader jaarliks tydens die Algemene Jaarvergadering om strategiese sake vir die volgende jaar te bespreek.	The President's Council meets annually at the Annual General Meeting to discuss strategic issues for the next year.
14.5.2	Tydens hierdie vergadering gee lede terugvoer van aktiwiteite van die afgelope jaar en word sake vir aandag vir die volgende jaar aangeteken.	During this meeting members give feedback of activities of the past year and cases for attention are recorded for the next year.
14.5.3	Hierdie vergadering is normaalweg in Julie van elke jaar .	This meeting is usually in July each year .

14.5.4	Die Agenda en besprekingspunte wat tydens die Presidentsraad bespreek word, word saam met die AJV dokumente gesirkuleer en na afloop van bespreking moet die besluite van die Presidentsraad tydens die daaropvolgende AJV bekragtig word.	The Agenda and discussion points discussed during the President's Council are circulated with the AGM documents and after discussion the decisions of the President's Council must be ratified at the next AGM.
14.5.5	'n Tweede geleentheid vir die Presidentsraad om te vergader is Januarie waartydens gedentraliseerde vergaderings van Direksielede met lede van die Presidentsraad kan plaasvind.	A second opportunity for the President's Council to meet is January during which decentralized meetings of Board members with members of the President's Council can take place.
14.5.6	Tydens hierdie vergaderings kry Direksielede terugvoer van lede wat tydens die Direksie se volgende vergadering bespreek sal word.	During these meetings Board members get feed back from members that will be discussed at the Board's next meeting.
14.5.7	Twee informele ontmoetings van die Presidentsraad kan plaasvind tydens die SA Junior Kampioenskap en tydens die SA Senior Kampioenskap waartydens die Direksie terugvoer aan lede gee oor sake van belang.	Two informal meetings of the President's Council can take place at the SA Junior Championship and at the SA Senior Championship where the Board provides feedback to members on matters of interest.
15	DIE UITVOERENDE BESTUUR VAN DIE DIREKSIE	THE EXECUTIVE OF THE BOARD
15.1	Die strategiese bestuur van Jukskei is gesetel in die Uitvoerende Bestuur wat leiding gee aan die Direksie.	The strategic management of Jukskei is vested in the Executive Committee which provides guidance to the Board.
15.2	Die samestelling van die Uitvoerende Bestuur	The composition of the Executive Committee
15.2.1	Die Uitvoerende Bestuur van JSA bestaan uit:	The Executive Committee of JSA consists of:
15.2.1.1	Die President	The President
15.2.1.2	Twee Vise-Presidente	Two Vice-Presidents
15.2.1.3	Direkteur Administrasie (Uitvoerende Direkteur/Sekretariaat)	Director of Administration (Executive Director/Secretary)
15.2.1.4	Ad hoc-aangestelde lede van die Direksie.	Ad hoc appointed members of the Board.
15.3	Die verkiesing van die Uitvoerende Bestuur	The election of the Executive Committee
15.3.1	Die Algemene Jaarvergadering kies driejaarliks:	The Annual General Meeting elects every three years:
15.3.1.1	Die President en twee Vise-Presidente	The President and two Vice-Presidents
15.3.2	Nominasies vir die ampte by Klousule 15.3.1 supra mag slegs deur die volgende ingedien word:	Nominations for the positions in Clause 15.3.1 supra may only be submitted by the following:
15.3.2.1	die Direksie as liggaam (nie die individuele lede daarvan nie);	the Board as the body (not the individual members of it);
15.3.2.2	Provinsies wat voldoen aan die vereistes gestel in Klousule 9.4	Provinces which comply with the requirements of Clause 9.4
15.3.3	Alle nominasies wat aan voorgemelde vereistes voldoen,	All nominations that meet aforesaid requirements,
15.3.3.1	word minstens 21 kalenderdae voor die datum van die vergadering,	are sent at least 21 calendar days before the date of the meeting,
15.3.3.2	deur die Direkteur Administrasie aan alle belanghebbendes gestuur.	to all stakeholders by the Director of Administration.

15.4	Enige persoon wat hom/haar bereid verklaar het om op die Uitvoerende Bestuur van Jukskei SA te dien, moet 'n geaffilieerde lid van 'n geaffilieerde Provinsie wees.	Any person who has committed him/her to serve on the Executive Committee of Jukskei SA must be an affiliated member of an affiliated Province.
15.5	Direkteur: Administrasie	Director: Administration
15.5.1	Die Direkteur Administrasie word deur die lede van die Algemene Jaarvergadering verkies.	The Director of Administration is elected by the members of the Annual General Meeting.
16	DIE DIREKSIE VAN JSA	THE BOARD OF JSA
16.1	Verwys Reglement K: Direksie	Refer Regulation K: Board
17	KOMITEES	COMMITTEES
17.1	Jukskei SA het verskeie komitees wat bepaalde funksies vervul.	Jukskei SA has various committees that perform specific functions.
17.2	Hierdie komitees word saamgestel deur die aangestelde toepaslike Direkteur.	These committees are composed by the appointed appropriate Director.
17.3	Jukskei SA Afrigterskomitee	Jukskei SA Coach Committee
17.3.1	Die Afrigterskomitee verteenwoordig al die gekwalifiseerde en geregistreerde Afrigters binne Jukskei SA.	The Coach Committee represents all the qualified and registered Coaches in Jukskei SA.
17.3.2	Die bevoegdhede en pligte van die Jukskei SA Afrigterskomitee word in Reglement H vervat.	The powers and duties of the Jukskei SA Coach Committee are contained in Regulation H .
17.4	Jukskei SA Akademieskomitee	Jukskei SA Academy Committee
17.4.1	Die Akademie bestuur alle opleiding en navorsing binne Jukskei SA.	The Academy manages all training and research within Jukskei SA.
17.4.2	Die volledige prosedures en pligtetaat van die Akademieskomitee word in Reglement I uiteengesit.	The complete procedures and job description of the Academy Committee are set out in Regulation I .
17.5	Jukskei SA Deelnamekomitee	Jukskei SA Participation Committee
17.5.1	Die Deelnamekomitee bestuur alle deelnames (kampioenskappe/toernooie) wat op nasionale vlak aangebied word binne Jukskei SA.	The Participation Committee manages all participations (championships/tournaments) that are presented at national level within Jukskei SA.
17.5.2	Die volledige prosedures en pligtetaat van die Deelnamekomitee word in Reglement J uiteengesit.	The complete procedures and job description of the Participation Committee are set out in Regulation J .
17.6	Jukskei SA Juniorkomitee	Jukskei SA Junior Committee
17.6.1	Die Juniorkomitee bestuur juniorbelange op alle vlakke binne Jukskei SA.	The Junior Committee manages junior interests at all levels within Jukskei SA.
17.6.2	Die bevoegdhede en pligte van die Jukskei SA Juniorkomitee word in Reglement M vervat.	The powers and duties of the Jukskei SA Junior Committee are contained in Regulation M .
17.7	Jukskei SA Korporatiewe Kommunikasiekomitee	Jukskei SA Corporate Communication Committee
17.7.1	Die Korporatiewe Kommunikasiekomitee bestuur alle kommunikasie binne Jukskei SA.	The Corporate Communication Committee manages all communications within Jukskei SA.
17.7.2	Die volledige prosedures en pligtetaat van die Korporatiewe Kommunikasiekomitee word in Reglement N uiteengesit.	The complete procedures and job description of the Corporate Communication Committee are explained in Regulation N .
17.8	Jukskei SA Ontwikkelingskomitee	Jukskei SA Development Committee

17.8.1	Die Ontwikkelingskomitee bestuur alle ontwikkeling van veral beginnerspelers binne Jukskei SA.	The Development Committee manages all development of particularly beginner players within Jukskei SA.
17.8.2	Die volledige prosedures en pligtetaat van die Ontwikkelingskomitee word in Reglement P uiteengesit.	The complete procedures and job description of the Development Committee are set out in Regulation P .
17.9	Jukskei SA Ouditkomitee	Jukskei SA Audit Committee
17.9.1	'n Voorsitter en drie lede vorm die Ouditkomitee van JSA.	A chairperson and three members form the Audit Committee of JSA.
17.9.2	Die Ouditkomitee het 'n oorsigrol oor alle aktiwiteite (insluitend finansiële bestuur) van JSA en is onafhanklik van enige ander komitee.	The Audit Committee has an oversight role on all activities (including financial management) of JSA and is independent of any other committee.
17.9.3	Die vier persone word deur die AJV verkies en is onafhanklik van die Direksie, subkomitees of enige struktuur op nasionale vlak.	The four persons are elected by the AGM and are independent of the Board, subcommittees or any structure at national level.
17.9.4	Lede van die Ouditkomitee word deur Provinsies genomineer en vir 'n termyn van drie jaar tydens die AJV aangewys.	Members of the Audit Committee are nominated by Provinces and appointed for a term of three years at the AGM.
17.9.5	Die Ouditkomitee doen jaarliks verslag aan die AJV oor die werksaamhede van die Ouditkomitee.	The Audit Committee annually reports to the AGM on the activities of the Audit Committee.
17.10	Jukskei SA Skeidsregterskomitee	Jukskei SA Umpires Committee
17.10.1	Die Skeidsregterskomitee verteenwoordig al die gekwalifiseerde en geregi-streerde skeidsregters binne Jukskei SA.	The Umpires Committee represents all qualified and registered umpires in Jukskei SA.
17.10.2	Die volledige prosedures en pligtetaat van die Skeidsregterskomitee word in Reglement O uiteengesit.	The complete procedures and job description of the Umpires Committee are set out in Regulation O .
17.11	Jukskei SA Deelnemerskommissie	Jukskei SA Participants Commission
17.11.1	Die Deelnemerskommissie verteenwoordig al die spelers se belange.	The Participants Commission representing all the players' interests.
17.11.2	Die volledige prosedures van die Deelnemerskommissie se verpligtinge en werksaamhede word in Reglement Q saamgevat.	The full proceedings of the Participants Commission's duties and functions are contained in Regulation Q.
18	JUKSKEI SA FINANSIES	JUKSKEI SA FINANCE
18.1	Fondse	Funds
18.1.1	Die finansiële jaar van Jukskei SA strek van 1 Mei tot 30 April .	The financial year of Jukskei SA runs from 1 May to 30 April .
18.2	Die algemene fondse van Jukskei SA word soos volg hanteer:	The general funds of Jukskei SA are managed as follows:
18.2.1	Algemene fondse deur Jukskei SA ontvang, word in 'n rekening van Jukskei SA by 'n finansiële instelling wat deur die Algemene Jaarvergadering aangewys word, gedeponeer en deur die Direksie beheer en aangewend.	General funds received by Jukskei SA, are deposited in an account of Jukskei SA at a financial institution designated by the Annual General Meeting and are managed and utilized by the Board.
18.2.2	Alle uitbetalings geskied elektronies of onder naamtekening van die Direkteur wat belas is met die portefeulje wat betrekking het op finansies en mede-	All payments are made electronically or under the hand of the Director entrusted with the portfolio related to finance and co-

	onderteken/bekragtig deur een van die lede van die Uitvoerende Bestuur.	signed/ratified by one of the members of the Executive Committee.
18.2.3	Die Direksie het die reg om Jukskei SA se lopende rekening te oortrek indien noodsaaklik.	The Board has the right to overdraw Jukskei SA's current account if essential.
18.2.4	Komitees bestuur hul eie finansies, inkomste en uitgawes ooreenkomstig die begroting van Jukskei SA.	Committees manage their own finances, income and expenses in accordance with the budget of Jukskei SA.
18.2.5	Die oudit ressorteer onder Jukskei SA.	The audit comes under Jukskei SA.
18.3	Lede betaal jaarliks 'n affiliasie, inskrywingsgeld en sportregistrasiegeld soos vasgestel deur Jukskei SA.	Members pay an annual affiliation, entry fee and sports registration fee as determined by Jukskei SA.
18.4	Die Direksie beveel jaarliks die Ouditeure aan en die besluit word deur die Algemene Jaarvergadering bekragtig.	The Board recommends annually the Auditors and the decision is ratified by the Annual General Meeting.
18.5	Die Direksie het die reg om jaarliks honoraria voor te lê aan die Algemene Jaarvergadering vir bekragtiging.	The Board has the right to submit annual honoraria to the Annual General Meeting for ratification.
18.6	Die Finansiële Beleid word aangespreek in Reglement L.	The Financial Policy is addressed in Regulation L.
19	TOEKENNINGS	AWARDS
19.1	Jukskei SA erken graag uitnemende prestasies en diens gelewer aan Jukskei en het die bevoegdheid om die volgende toekennings te maak:	Jukskei SA gladly acknowledges outstanding achievements and service rendered to Jukskei and has the power to make the following awards:
19.2	Erelede	Honorary Members
19.2.1	Die Algemene Jaarvergadering mag persone wat 'n buitengewone waarde-volle bydrae op die hoogste vlak oor 'n tydperk van minstens tien jaar tot die sport Jukskei in Suid-Afrika gemaak het, tot Erelede van Jukskei SA benoem.	The Annual General Meeting may appoint persons who have made an extraordinary valuable contribution at the highest level over a period of at least ten years to the sport Jukskei in South Africa, to Honorary Members of Jukskei SA.
19.2.2	Alvorens enige persoon tot Erelid verhef kan word, moet die instansie wat die persoon aanbeveel het, sy/haar naam aan die Direksie voorlê, vergesel van 'n skriftelike aanbeveling en motivering.	Before any person can be raised to Honorary Member, the institution who has advised the person must submit his/her name to the Board, accompanied by a written recommendation and justification.
19.2.3	Nadat die Direksie ondersoek ingestel het, word 'n aanbeveling by die eers-volgende vergadering gedoen al dan nie.	After the Board has launched an investigation a recommendation or not is made at the next meeting.
19.2.4	Sulke benoemings kan slegs met 'n vyf-sesde meerderheid aanvaar word.	Such nominations may only be accepted with a five-sixth majority.
19.2.5	Daar sal te eniger tyd nooit meer as vier dienende Erelede wees nie.	There will never be more than four serving Honorary Members at any time.
19.2.6	Erelede word uitgenooi na, ontvang ter sake kommunikasie ivm en kan deelneem aan alle Algemene Jaarvergaderings, Spesiale Algemene Vergaderings of ander nasionale jukskeiaangeleenthede, soos bepaal deur die Direksie.	Honorary members are invited to, receive relevant communications concerning and can participate in all Annual General Meetings, Special General Meetings or other national jukskei matters as determined by the Board.
19.2.7	Erelede het nie stem- of nominasiereg tydens sulke geleenthede nie.	Honorary members don't have voting- or nomination right during such occasions.

19.2.8	Die Algemene Jaarvergadering kan 'n Erelid se naam, op aanbeveling van die Direksie, tot Jukskei SA se Galery van Lewenslange Jukskeilegendes laat opneem indien die persoon oor 'n tydperk van minstens drie jaar nie aktiewe deelname en/of belangstelling in die sport toon nie.	The Annual General Meeting can include the name of an Honorary Member, on the recommendation of the Board, to Jukskei SA Gallery of Lifelong Jukskei Legends if the person has not been active and/or shown interest in the sport over a period of at least three years .
	a) Sodanige persoon hou dan daarna op om as 'n Erelid te funksioneer.	a) Such a person then stops operating as an Honorary Member.
19.2.9	'n Persoon wat tot Erelid verhef is, of wie se naam in die Galery van Lewenslange Jukskeilegendes opgeneem is, kan nie tot die Direksie van Jukskei SA verkies word nie.	A person who has been elevated to Honorary Member, or whose name is included in the Gallery of Lifelong Jukskei Legends, can not be elected to the Board of Jukskei SA.
19.3	Ererol	Roll of Honour
19.3.1	In verdienstelike gevalle mag die Direksie jaarliks aanbeveel en goedkeur dat 'n persoon/persone wat uitsonderlike diens, oor verloop van 'n tydperk van minstens vyf jaar aan Jukskei SA gelewer het, se naam/name op die Ererol geplaas word.	In deserving cases, the Board may recommend and approve annually a person /persons who gave exceptional service over a period of at least five years to Jukskei SA, to have their names placed on the Roll of Honour.
19.3.2	Jukskei SA het twee ererolle naamlik: Jukskei SA Ererol (Lede) en Jukskei SA Ererol (nie-lede)	Jukskei SA has two Rolls of Honour namely Jukskei SA Roll of Honour (Members) and Jukskei SA Roll of Honour (non-members)
19.3.3	Die Ererol vir jukskeilede is vir diens (administratiewe, ondersteunende of organiserende vlak) gelewer om die sport uit te bou.	The roll of honour for jukskei members is for service rendered (administrative, supporting or organizing level) to build the sport.
19.3.4	Nasionale spelers kan vir Ererol (lede) in aanmerking kom wanneer hulle oor 'n tydperk van ten minste vyftien jaar of meer Nasionale/Korporatiewe kleure verwerf het en ook die sport op welke wyse dien.	National players are eligible for Roll of Honour (members) when they obtain National/Corporate colours for a period of at least fifteen years or more and also serve the sport in any way.
19.3.5	Die Ererol vir nie-jukskeilede is vir diens aan die sport deur persone wat nie lede van die sport is nie maar nogtans 'n bydrae op Nasionale vlak lewer.	The Roll of Honour for non-jukskei members is for service to the sport by persons who are not members of the sport and yet contribute at National level.
19.3.6	'n Maksimum van drie persone se name mag jaarliks op die Ererol geplaas word.	A maximum of three persons' names may annually be put on the Roll of Honour.
19.3.7	'n Persoon se naam kan slegs een keer op die Ererol geplaas word.	A person's name may only be placed once on the Roll of Honour.
19.3.8	Nominasie vir 'n Ereroltoekenning geskied met 'n behoorlik gemotiveerde skriftelike aanbeveling aan die Direkteur Administrasie voor die SA Senior Kampioenskappe elke jaar.	Nomination for a Roll of Honour award is done with a duly motivated written recommendation to the Director of Administration before the SA Senior Championships each year.
19.3.9	Instansies moet elke jaar nominasies indien en nominasies sal nie na 'n volgende jaar oorgedra word nie.	Institutions must submit nominations every year and nominations will not be transferred to the next year.
19.4	Nasionale Kleure	National Colours
19.4.1	Die Direksie kan jaarliks toekennings van SA Nasionale Kleure (Protea) maak nadat die nodige magtiging vanaf SASCOC ontvang is.	The Board may make annual awards of SA National Colours (Protea) once the necessary authorization is received from SASCOC.

19.4.2	Die Direkteur Administrasie hanteer hierdie dokumentasie en deelnemers sal skrifelik in kennis gestel word van die toekenning.	The Director of Administration handles this documentation and participants will be notified of the award in writing.
19.4.3	Die Senior Nasionale span is die hoogste vlak van deelname en spelers onder die ouderdom van 50 jaar wat oor die korrekte afstand (16m vir mans en 14m vir vroue) gooi kan in die spanne gekies word.	The Senior National Team is the highest level of participation and players under the age of 50 years who pitch over the correct distance (16m for men and 14m for women) can be selected in the teams.
19.4.4	Senior Nasionale Kleure (Protea Kleure)	Senior National Colours (Protea Colours)
19.4.4.1	Senior Nasionale Kleure word aan deelnemers (spelers en beamptes) toegeken in ooreenstemming met die bepalings van SASCO.	Senior National Colours are awarded to participants (players and officials) in accordance with the provisions of SASCO.
19.4.4.2	Dat alle ouderdomme en geslagte, Onder 50 asook Bo 50's kwalifiseer vir Proteakleure wanneer hulle teen gelykwaardige spanne van 'n ander land speel in 'n toets.	That all ages and genders, Under 50 as well as Over 50's qualify for Protea colours when they play a test against equivalent teams from another country.
19.4.5	Junior Nasionale Kleure	Junior National Colours
19.4.5.1	Junior Nasionale Kleure word aan deelnemers (spelers onder die ouderdom van 30 jaar, en beamptes) toegeken in ooreenstemming met die bepalings van SASCO.	Junior National Colours are awarded to participants (players under the age of 30 years, and officials) in accordance with the provisions of SASCO.
19.4.5.2	Dat alle ouderdomme en geslagte, vanaf 0/19 asook 0/30's kwalifiseer vir Proteakleure wanneer hulle teen gelykwaardige spanne van 'n ander land speel in 'n toets.	That all ages and genders, from U/19 as well as U/30's qualify for Protea colours when they play a test against equivalent teams from another country.
19.4.6	Afrigters wat Nasionale Kleure (Protea) verwerf, behou die toekenning ongeag watter span die lid afrig, maar moet tydens die amptelike nasionale wedstryde dieselfde toegekende kleure dra as die span waarvan hy afrigter is.	Coaches who receive National Colors (Protea) retain the award regardless of which team the member is coaching, but must wear the same assigned colors during the official national matches as the team of which he is a coach.
19.6	Korporatiewe Kleure	Corporate Colours
19.6.1	Die Kleure van Jukskei SA word deur die Direksie toegeken:	The Colours of Jukskei SA are awarded by the Board of Directors:
19.6.2	In gevalle waar die persone die Embleem op hulle amptelike kleredrag wat tydens Kampioenskappe gedra word, wil aanbring, moet goedkeuring van die Direksie verkry word.	In cases where people want to affix the Emblem on their official clothing that is worn during Championships, approval of the Board must be obtained.
20	JUKSKEIMUSEUM	JUKSKEI MUSEUM
20.1	Die Jukskeimuseum is die eiendom van Jukskei SA.	The Jukskei Museum is owned by Jukskei SA.
20.2	Die Direksie aanvaar verantwoordelikheid vir hierdie belangrike bate van Jukskei SA.	The Board accepts responsibility for this important asset of Jukskei SA.
20.3	Jukskei SA sal in samewerking met die Direksie van Jukskeipark verantwoordelik wees vir die datering en byhou van inligting.	Jukskei SA, in collaboration with the Board of Jukskei Park, will be responsible for dating and maintenance of information.
21	INTERNASIONALE DEELNAME	INTERNATIONAL PARTICIPATION

21.1	Jukskei SA is geafflieer by die Internasionale Jukskei Federasie (IJF) en poog om Jukskei ook op internasionale vlak uit te bou en te bevorder.	Jukskei SA is affiliated with the International Jukskei Federation (IJF) and also tries to build and promote Jukskei internationally.
21.2	Jukskei SA registreer jaarliks alle deelnemers by die IJF. Die IJF bepaal die kategorie deelnemers en bedrag van registrasie tydens die IJF AJV.	Jukskei SA annually registers all participants with the IJF. The IJF determines the category of participants and amount of registration during the IJF AGM.
21.3	Internasionale Toetswedstryde word volgens die Protokol van die Internasionale Jukskei Federasie bestuur.	International Test Matches are managed according to the Protocol of the International Jukskei Federation.
22	JUKSKEI SA KOMMUNIKASIE	JUKSKEI SA COMMUNICATION
22.1	Jukskei SA kommunikeer amptelik via die Kantoor van die Direkteur Administrasie.	Jukskei SA officially communicates via the Office of the Director of Administration.
22.2	Eksterne kommunikasie	External Communication
22.2.1	Alle amptelike eksterne kommunikasie vanaf Jukskei SA word deur die Direkteur Administrasie hanteer.	All official external communication from Jukskei SA is handled by the Director of Administration.
22.2.2	Slegs die Direkteur Administrasie onderhandel met die Internasionale Jukskei Federasie en ander lande se Jukskeirade.	Only the Director of Administration negotiates with the International Jukskei Federation and the Jukskei Councils of other countries.
22.2.3	Direkteure, Komitees wat met eksterne rolspelers kommunikeer, versorg die amptelike korrespondensie en voorsien dit aan die Direkteur Administrasie wat die korrespondensie sal versend.	Directors, Committees who communicate with external stakeholders, manage the official correspondence and provide it to the Director of Administration who will distribute the correspondence.
22.2.4	Die Direkteur Administrasie hou die databasis van alle kommunikasie wat gedoen is met eksterne rolspelers en instansies.	The Director of Administration keeps the database of all communication done with external stakeholders and institutions.
22.3	Interne kommunikasie	Internal Communication
22.3.1	Alle amptelike interne kommunikasie na Jukskei SA word deur die Direkteur Administrasie hanteer.	All official internal communication to Jukskei SA is handled by the Director of Administration.
22.3.2	Slegs die Direkteur Administrasie onderhandel met Provinsies, die Direksie en ander Jukskei instansies.	Only the Director of Administration negotiates with Provinces, the Board and other Jukskei institutions.
22.3.3	Direkteure en Komitees wat met interne rolspelers kommunikeer, versorg die korrespondensie en voorsien dit aan die Direkteur Administrasie wat die korrespondensie sal versend.	Directors and Committees, who communicate with internal stakeholders, take care of the correspondence and provide it to the Director of Administration who will forward the correspondence.
22.3.4	In die geval van navrae, portefeulje- verwante sake kan die Direksie en Komitees direk met instansies skakel, maar moet die Direkteur Administrasie ten alle tye op die hoogte gehou word.	In the case of queries, portfolio-related matters, the Board and Committees can communicate directly with agencies, but the Director of Administration must at all times be kept informed.
22.3.5	Die Direkteur Administrasie hou die databasis van alle kommunikasie wat gedoen is met interne rolspelers en instansies.	The Director of Administration keeps the database of all communication done with internal stakeholders and institutions.

22.3.6	Alle navrae, briefwisseling en ander kommunikasie deur spelers, Klubs en Distrikte aan Jukskei SA (of die Direksie), moet amptelik via die betrokke Provinsie se Direkteur Administrasie geskied en aan die Direkteur Administrasie van Jukskei SA gerig word.	All queries, correspondence and other communication by players, Clubs and Districts to Jukskei SA (or the Board), must be made officially via the relevant Province's Director of Administration and addressed to the Director of Administration of Jukskei SA.
22.2.7	Waar 'n individu of jukskeiklub egter probleme ervaar om deur middel van die Provinsie met die Direksie te kommunikeer, moet die volgende prosedure gevolg word :	Where an individual or jukskei club has difficulty communicating with the Board through the Province, the following procedure must be followed:
22.3.7.1	Die betrokke individu, jukskeiklub of distrik moet skriftelik bewys lewer dat die Distrik en/of Provinsie nalaat om korrespondensie na die Direksie deur te gee.	The individual, jukskei club or district concerned must provide written proof that the District and / or Province fails to pass correspondence to the Board.
22.3.7.2	In sodanige geval of indien die betrokke speler, jukskeiklub of distrik probleme met die Distriks- of Provinsiebestuur ervaar, kan direk met die Direkteur Administrasie gekommunikeer word.	In such a case, or if the relative player, jukskei club or district experiences problems with the District or Province Management he can communicate directly with the Director of Administration.
22.3.7.3	Alle ter saaklike dokumentasie moet aan die Direkteur Administrasie voorsien word.	All relevant documentation must be submitted to the Director of Administration.
22.3.7.4	Die Direksie sal die saak hanteer en voorvermelde dokumentasie aan die Provinsiale bestuur terugstuur.	The Board will deal with the matter and return the aforementioned documents to the Provincial administration.
23	JUKSKEISPEELREËLS (Reglement C)	JUKSKEI PLAYING RULES (Regulation C)
23.1	Die Speelreëls en gepaardgaande Reëlboek is die verantwoordelikheid van die Jukskei SA Skeidsregterskomitee. Hierdie komitee sal sorg vir die opstel, wysiging en vertolking van die speelreëls, onderhewig aan die bekragtiging deur die Algemene Jaarvergadering.	The Playing Rules and accompanying Rule Book are the responsibility of the Jukskei SA umpires. This committee will take care of the preparation, amendment and interpretation of the playing rules, subject to approval by the Annual General Meeting.
23.2	Jukskei SA sal die goedgekeurde speelreëls volgens die Internasionale Jukskei Federasie se protokol deurstuur vir goedkeuring.	Jukskei SA will forward the approved playing rules according to the protocol of the International Jukskei Federation for approval.
23.3	Die Jukskeispeelreëls van die Internasionale Jukskei Federasie is die enigste erkende reëls vir die spel, waarvolgens internasionale deelname sal geskied.	The Jukskei Playing Rules of the International Jukskei Federation are the only recognized rules for the game, whereby international participation will take place.
23.4	Enige wysigings aan die amptelike Jukskeispeelreëls kan net op 'n Algemene Jaarvergadering of Buitengewone Algemene Vergadering van Jukskei SA aangebring word, nadat daar behoorlik vooraf kennis van sodanige wysigings gegee is.	Any amendments to the official Jukskei Playing Rules can only be made at the Annual General Meeting or Special General Meeting of Jukskei SA, after being duly notified of such changes.
24	TUGPROSEDURE	DISCIPLINARY PROCEDURE
24.1	Sien Reglement A	See Regulation A
25	WYSIGING VAN STATUTE	AMENDMENT OF STATUTE

25.1	Enige wysigings tot hierdie Statute kan alleenlik aangebring word deur 'n tweederde meerderheid van die aantal stemme wat op 'n Algemene Jaarvergadering of Buitengewone Algemene Vergadering uitgebring word nadat behoorlik vooraf kennis van sodanige wysigings gegee is.	Any amendments to this Statute may only be made by a two-thirds majority of the votes cast at the Annual General Meeting or Special General Meeting after giving proper notice in advance of such changes.
26	ONTBINDING VAN JUKSKEI SA	DISSOLUTION OF JUKSKEI SA
26.1	Jukskei SA kan alleenlik ontbind word indien so 'n besluit na behoorlike kennisgewing op 'n Algemene Jaarvergadering of Buitengewone Algemene Vergadering deur 'n vier-vyfde meerderheid van die geaffilieerde instansies geneem is.	Jukskei SA can only be dissolved if such a decision was taken by a four-fifth majority of the affiliated institutions at the Annual General Meeting or Special General Meeting after due notice was given.
26.2	As daar by likwidasië of ontbinding van Jukskei SA, nadat alle finansiële verpligtinge nagekom is, nog eiendom van welke aard ook al oorbly, word dit nie onder lede van Jukskei SA verdeel of uitbetaal nie. Dit word geskenk aan sodanige sport-, kulturele, liefdadigheids- of godsdienstige instellings, wat dieselfde doelstellings as Jukskei SA het. Sodanige instellings word deur die lede van Jukskei SA, voor sy ontbinding, aangewys.	If at liquidation or dissolution of Jukskei SA and after all financial obligations have been met, any kind of remaining assets are not to be distributed among or paid to members of Jukskei SA. It is given to such sports, cultural, charitable or religious institutions, which have the same objectives as Jukskei SA. Such institutions are appointed by the members of Jukskei SA, before its dissolution.
	Wysigings aan die Statute van die SA Jukseiraad is tydens die Algemene Jaarvergadering van 20 Julie 2024 te Kroonstad goedgekeur.	Amendments to the Statute of the SA Jukse Council were approved at the Annual General Meeting of 20 July 2024 at Kroonstad.

JN NEL
PRESIDENT JSA

D SMIT
DIREKTEUR/DIRECTOR
ADMINISTRASIE/ADMINISTRATION